

# Mannetjieshond en die Gees van die Vaalhaas

LOUISE VAN DER MERWE

Gedurende die 1990's het Mannetjieshond en Boetie - en die Vaalhaas - op 'n plasie tussen Kuilsrivier en Stellenbosch in die Wes-Kaap gebly.

In daardie tyd het die skrywer, Louise van der Merwe, ook in die area gewoon en het sy die gebeure sien ontvou.

Hierdie novelle is gebaseer op die feitelike agtergrond en is haar huldeblyk aan die wonderlike vriendskap tussen Boetie en Mannetjieshond en hulle hardnekkige wil om alle teenslae te oorleef.

Gepubliseer deur
The Humane Education Trust

**www.naturebased.education**

ISBN 978-0-9814072-3-4

Illustrasies: Pandora Alberts

©Louise van der Merwe
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die toestemming van die uitgewer gereproduseer, in ‘n stelsel vir inligtingsbewaring gestoor, of langs enige elektroniese of meganiese wyse weergegee word nie, hetsy deur fotostatiese vaslegging, klankopname of andersins.

Opgedra aan al die diere wat deel van my lewe was: hoe geweldig het julle my nie verryk nie.

# `n Moeilike begin

Mannetjies is in `n plakkerskamp gebore. Daardie somer het die son geen genade getoon nie. Die sonstrale het so fel op die hutte se plat sinkdakke neergeskroei, dat dit van ver af gelyk het asof die lug bokant die dakke glinster. Onder by die wal waar die bokke gewei en kinders met stofbedekte lyfies gespeel het, het die grootpad verbygeloop. Blink motors het verbygesnel op pad na wie weet waar.

In daardie plakkerskamp het Mannetjies en sy ma aan niemand behoort nie, en hulle het self ook niemand of niks gehad nie. Terwyl hy grootgeword het, het Mannetjies tussen die hutte agter sy ma aan gedrentel. Hy het haar soos `n skaduwee gevolg terwyl sy dagin en daguit probeer het om hulle aan die lewe te hou. Partykeer was dit net die reuk van `n verwaaide stuk papier waarin iemand se karige stukkie kos toegedraai was, waarop hulle oorleef het. Af en toe het hulle die spoor gevat na die vars bloed van geslagte hoenders wat in die stof dik word. Dan het sy ma haar tande gewys en vir die ander honde gegrom as hulle nader kom. Uitgeteer van die honger, parasiete en bloedsuier-vlieë wat aan hulle oorpunte geaas het, het sy geveg om oorlewing.

Miskien het daar op `n dag bome gegroei, maar lankal nie meer nie. Selfs die onkruid wat in die lente opgekom het,

het gou weer verpoeier. In die skadustrepe wat hulle tussen die hutte kon opspoor, het Mannetjies die spoeg gelek wat uit sy ma se bek drup terwyl sy die ure omhyg. Saans sou dié wat die moeite doen om te kyk, dalk `n ma-hond met drooggesuigde spene sien wat doodstil sit terwyl die donker toesak.



Terwyl die maan teen die naghemel geklim het, sou hulle eerder wegkyk as om haar ellendige, vergane liggaam te aanskou. Miskien het iemand eenmaal die stille berusting in haar oë opgemerk, en gewonder of sy haar krag put uit die vae herinneringe aan haar voorvaders wat nog deur haar gedagtes flits. En die hele tyd sou haar maer kleintjie met sy babatandjies aan haar ore trek, en heen en weer oor haar benerige rug klouter om haar uit te lok om te speel.

Een laatmiddag, toe Mannetjies amper drie maande oud

was, het alles verander. Dit het al begin donker word toe daar skielik `n wind opkom wat die stof, oorskiet en rommel rondwaai wat oral rondlê. Daar het sand het in sy oë gekom en die vonke van die aand se kookvure het soos vuurvliegies in die lug gedartel.

`n Aaklige, onrustige gevoel het hom beetgepak. Sy ma het opgestaan met haar stert tussen die bene, en haar lyf krom van vrees. Sy het gekerm, haar snoet gelig, en in die lug gesnuif. Mense het begin gil en skree. Hulle het hulle babas en kospotte gegryp en `n string verskrikte, huilende kinders saamgesleep. `n Ander hond het wanhopig geruk aan die tou waarmee hy aan die grond vasgepen was.



Toe sien Mannetjies die vlamme – yslike, oranje vlamme wat hoog in die lug opspring, en al die hutte en alles wat voorkom afbrand. Hy kon sy ma nêrens sien nie. Sy het verdwyn agter die stormloop van bene.

Die rook wou hom versmoor. Vrees het sy hartjie laat krimp. Hy het teen die wal afgehardloop so vinnig as wat sy kort beentjies hom kon dra.

Hy het al langs die grootpad afgeskarrel waar motors met groot, brandende oë by hom verbygejaag het. Wie weet hoe lank hy so gehardloop het?

`n Skielike flits het die hele wêreld om hom verlig, en 'n geweldige sambok het deur die lug geknal. Swaar reëndruppels het soos klippe op hom neergekletter.

Toe hy by die brug kom wat oor die grootpad strek, het hy ophou hardloop. Daar kon hy skuil teen die vallende klippe en die sambok in die lug. Sy hartjie het in sy ore geklop en sy longe het gevoel asof hulle enige oomblik kon bars. Sy bene wou onder hom ingee, maar die moegheid was sy redding.



Hy het hom in `n bondeltjie opgekrul – sommer net daar onder die brug, skaars `n meter van die swart motor-bande wat by hom verbyjaag, het hy aan die slaap geraak. Enigeen wat hom sien, sou dink dis maar net nog `n dooie hond.

Toe dit begin lig word, het Mannetjies tussen die motors deur gevleg tot oorkant die pad waar die gras hoog en geel gestaan het. Hy het teruggekyk – vir lang oomblikke – terwyl sy oë gesoek het na die bekende gestalte van sy ma. Die reuk van nat as het swaar in die lug gehang. Hy het koers gekies deur die grasveld en kort voor lank was hy skoonveld.


* * *

Dit was `n klein vaalhasie wat hom geleer het om soos die wind te hardloop.

# Avonture van `n dapper hart

'n Gesmoorde, krapperige geluid het Mannetjies se aandag getrek. Hy het kiertsregop gaan staan. Vol afwagting. Ja, daar hoor hy weer die dowwe skraapgeluid; `n geluid wat elke senuwee in sy lyf soos `n snaar laat span. Voetjie vir voetjie het hy vorentoe beweeg en die grond besnuif, en fyn geluister. `n Snaakse roering onder die grond het teen sy been opgekriewel. Krap, krap, krap. Naby sy snoet het `n hopie sagte grond verrys. Dit het al hoe groter geword en geroer asof daar lewe van onder af opstoot, terwyl fyn sand teen die kante afgly.

Diep binne-in Mannetjies het daar `n baie ou geheue vasgesit, sy instink. Nou het dit heeltemal oorgeneem. Hy het op die bewegende grondhoop gespring en angstig met sy voorpote begin grawe, want hy was nuuskierig om uit



te vind wat dit was. Maar sy opgewondenheid het gou oorgeslaaan na skok en vrees. `n Ondraaglike pyn het deur sy snoet geskiet.


Hy het sy kop teruggeruk en gehoor hoe sy eie aaklige krete deur die lug skeur. Tot sy ontsteltenis het `n groot, grys mol aan die punt van sy snoet gehang waar hy sy lang, geboë slagtande ingeslaan het. Mannetjies het sy kop woes heen en weer geskud. Hy het sy bek teen die grond gevryf, en sy aanvaller met sy pote probeer loswoel. Nog `n slag het hy sy kop woes geskud. Dié keer het die mol sy greep verloor. Hy het deur die lug getrek en daarnaby op die grond te lande gekom. Hy het gewriemel en omgedraai na Mannetjies toe, met `n groot, oop bek asof hy 'n stille oorlogskreet aanhef. Bloed het uit Mannetjies se snoet gedrup en in donkerrooi kolle in die sand weggesyfer. Vir `n paar oomblikke het hy verdwaas bly staan.

Meteens het sy instink weer oorgeneem. Binne `n oogwink het hy vorentoe gespring en sy kake agter die mol se nek ingeslaan. Hy het hom kwaai heen en weer geskud, net soos sy voorvaders eenmaal eekhorings en konyne en rotte rondgeskud het. Hy het die slap liggaam met sy poot teen die grond vasgepen, die vel met sy tande oopgeskeur en die warm bloed van die vleis afgelek. Daarna was hy tevrede, en kon hy in die skaduwee van `n boom in `n diep slaap wegsink.

Toe Mannetjies eindelik wakker word, het hy geweet iets het verander. Sy stert het sterk en ferm gevoel. Hy het sy oortjies voel wikkel, asof hulle skerper en wakkerder word. Hy het stert in die lug weggedraf, op soek na sy

volgende maaltyd. Kort voor lank kon hy `n mol se geluid herken waar hy tot tien spronge verder onder die grond getonnel het.

In die grasveld, tussen die uitheemse denne- en Port Jacksonbome, het hy sommer gou `n knap jagter geword. Hy het die kuns van geduld aangeleer deur tarentale en duiwe te bekruip, en agtergekom dat hy presies en vinnig moes beweeg as hy vorentoe skiet om hulle binne `n



oogwink op te raap. Sy reuksintuig het so skerp ontwikkel dat hy vars tarentaal- en fisant-eiers kon uitsnuffel, al was hulle hóé goed weggesteek.

Maar dit was `n klein, vaalhasie wat hom geleer het om soos die wind te hardloop. Die dag toe hy Vaalhaas vir die eerste keer raakgeloop het, was Mannetjies met sy snoet teen die grond besig om uilballetjies te soek wat


deur die nag uit die toppe van die lang, dun dennebome gespoeg is. Dit was nog skaars dagbreek, maar die skril sonbesiekoor het reeds uit volle bors gesing om die hitte van die dag aan te kondig. Die skielike vlaag van `n bergwind het vir Mannetjies in sy spore laat vassteek. Hy het sy geoefende snoet gelig, vol afwagting oor `n reuk wat hy glad nie geken het nie. Elke spiertjie in sy liggaam was soos `n snaar gespan. Dis toe dat hy die skraal, ratse miniatuurlyfie van Vaalhaas sien waar hy doenig is met iets wat onder die mat van dennenaalde begrawe lê – sonder die vaagste benul dat Mannetjies in die rondte is. Mannetjies kon sy opgewondenheid nie beteuel nie. Die kwyl het van sy lippe gedrup. Sy spiere het die bewerasie gehad. Net vier spronge, dan kan hy bo-op die haas wees. Hy het laag gehurk en voetjie vir voetjie nader gesluip; hart en siel ingestel op die gewerskaf van die vaalhasie wat van geen sout of water weet nie.

Toe – `n stofwolk. `n Flits van `n sekonde. Vaalhaas spring in die lug. Bespat met Mannetjies se spoegdruppels, hardloop hy kruis en dwars in `n wanhopige poging om te ontsnap aan die gevaar wat hom oorval het.

Hy skeer oor die veld, vinniger as die wind, terwyl hy al hoër en hoër spring as hy agterkom dat hy wen, en dat die afstand tussen hom en Mannetjies al groter word. Dan is hy weg, en al wat oorbly van Vaalhaas, is die opwinding van die jag en die reukspoor wat Mannetjies met sy snoet teen die grond volg; heen en weer, op en af, die hele oggend lank.

Van toe af het Vaalhaas omtrent elke dag vir Mannetjies uitgelok en geterg en weggehol. Dis nie meer lank nie, het Mannetjies homself belowe, dan hy haal daardie haas in.

Hy sal hom agter sy nek gryp en sy vermetelheid vir goed uit hom skud!



Snags het Mannetjies vir hom `n slaapplek in die koel aarde onder die akasiaboom uitgehol. Hy het die grond en blare netjies met sy voorpote weggeskraap, en om en om gerol tot sy bed net reg gevoel het. Dan het hy heerlik ingesluimer terwyl die uile roep en die tarentale hulle skor aandlied in die takke bokant hom aanhef.

Sonder dat hy dit besef, het Mannetjies se bene langer begin word, en sy ore het uiteindelik hulle eie parmantige staan gekry. Sy sagte babahaartjies het nou in `n stewige, ligbruin pels verander, met swart tinte op sy snoet, aan die rante van sy ore en op die punt van sy stert. Sy ma en die vuur was nou byna vergete, behalwe soms in sy drome.

Een oggend het hy wakker geword van `n skerp, klaerige geraas wat deur die lug sny. Hy het gaan ondersoek instel na die indringers. Terwyl hy sorg dat niemand hom sien nie, het hy van ver af dopgehou hoe mans in blou oorpakke met elektriese sae die hoë denne en Port Jacksons neervel, en met `n dawerende gekraak op die grond laat neerstort.


Elke dag het die werkers nader aan sy slaapplek beweeg. Verskrikte tarentale het met `n hees treurmare losgetrek as die bome waarin hulle die vorige nag nog geslaap het, in `n stofwolk op die grond neerplof. Toe die mans later die middag weg was, het Mannetjies uit sy skuilplek gekom en agter sy neus aan tussen die takke gaan soek vir broodkorsies en hoenderbeentjies wat dalk agtergebly het.

Op die vierde dag het hy op Vaalhaas afgekom waar hy doodstil onder die puin van gebreekte takke lê.



Mannetjies het verwag dat die haas sou opspring en weghol, soos net hy en die wind kon doen. Maar Vaalhaas het nie `n lit verroer nie.

Mannetjies het versigtig nader gegaan. Treetjie vir treetjie het hy vorentoe beweeg tot hy aan Vaalhaas kon raak.



Hy het die droë bloed geruik wat die pels om Vaalhaas se lang ore bevlek het. Hy het aan die pels gelek en Vaalhaas se bloed geproe. Hy het dit skoongelek tot die pels sopnat was, en daar geen teken van bloed oorgebly het nie.

Hy het met sy poot aan die skraal, stywe lyfie gestoot. 'Opstaan,' het hy gedink. 'Opstaan'. 'n Tjankhuilgeluid het uit Mannetjies se keel ontsnap. Hy het met sy hele hart gewens dat Vaalhaas weer sy streke sou uithaal; dat hy in die lug sou spring en soos die wind sou hardloop, en vermakerig sou omkyk na Mannetjies wat hom tog nie kan vang nie.



Mannetjies het die hele nag by Vaalhaas gewaak. Teen die oggend, toe die mans in hulle oorpakke opdaag, het hy weggesluip, stert tussen die bene.

Laat die oggend van die vyfde dag het die werkers by die akasiaboom gekom waaronder Mannetjies deur sy lang grootword-maande geskuil het. Mannetjies was hartseer en hy kon dit nie glo nie. Saam met die tarentale het hy al dieper in die veld teruggeval. Later het hy teruggekom om oorskietkos te aas. Die pragtige akasia wat ure gelede nog so trots in geel uitgedos was, het onherkenbaar op die grond gelê, opgesaag in stompe en kleiner stukke en brokke.

* * *


Elke dag het hy die onbekende verder ingevaar in `n wanhopige poging om te oorleef.

# `n Legende word gebore

Winter was aan die kom. `n Ysige wind het dwarsdeur Mannetjies se pels gesny. Die kos waarop hy in die somer oorleef het, het begin skaars word. Die tarentale het opgehou eiers lê. Eekhorinkies het begin oorwinter. Selfs die molle het blykbaar verkas. Snags het Mannetjies hom in `n stywe bondeltjie opgekrul en sy stert oor sy snoet gevou. Die honger het gedurig aan sy binnegoed geknaag.



Elke dag het hy die onbekende verder ingevaar in `n wanhopige poging om te oorleef. Hy het deur die twee meter hoë heining geloer. Agter hom het die hoë dennebome in die wind gekraak. Aan die anderkant van die heining was daar `n weiveld waar vet, ronde skape saamgebondel het vir `n bietjie warmte terwyl hulle in die flou sonlig herkou het. Hoenders het hier en daar rondgepik. `n Pragtige jong, swart haan het op sy tone gestaan en gekraai om te wys wie is baas.



Mannetjies het 'n kermgeluidjie uitgelaat. Hy het sy neus deur die gaasdraad gedruk. Toe, met net een ding in sy kop, het hy begin grawe. Met sy voorpote het hy die grond meesterlik uitgekalwe en die sand soos `n stortbad agter hom weggeskiet. Hy het aanhou grawe tot die gat groot genoeg was sodat hy hom onder die heining kon inwurm en deurkruip.

Anderkant die heining het die kwyl van afwagting van sy lippe begin drup. Hy het al langs die heining se skaduwee nader gesluip tot hy amper by die hoenders was. Hy het laag gehurk en gewag dat hulle van hom moet vergeet.

Toe, met net twee spronge, was hy tussen hulle. Hy het `n hen aan die nek gegryp, omgedraai, en vir `n vale gehardloop na die gat wat hy onder die heining gegrawe het.



`n Harde klapskoot het agter hom in die lug afgegaan. En toe nog een. Mannetjies het nie eers omgekyk nie. Met die fladderende hen in sy kake, het hy laat spat soos sy leermeester, die haas, hom geleer het, want hy moes ten alle koste ontsnap. Maar dit was mis. Nog `n skoot het deur die lug getrek, en uit die hoek van sy oog kon Mannetjies sien hoe `n jeep met yslike swart buitebande op hom afpyl.

Toe weer `n S K O O T. Mannetjies laat val die hen en hardloop so al wat hy kan langs die heining af om sy eie bas te red. `n Entjie vorentoe het die stywe, hoë heining `n skerp draai gemaak. Mannetjies het nie `n kans gehad nie. Die mans in die jeep sou hom vaskeer en die dief doodskiet wat hulle hen gevang het.

En toe kry hy dit reg. Met die laaste bietjie krag in sy uitgeteerde liggaam, gee Mannetjies `n yslike sprong.



Terwyl hy oor die heining seil, is dit asof die tyd vir `n sekonde of twee stilstaan. Hy land met `n harde slag aan die oorkant en hardloop na die veiligheid van die dennebome. Nou kan niemand hom sien nie, maar hy loer angstig rond.

Die jeep kom in `n stofwolk tot stilstand. `n Ouer en `n jonger man spring uit en swaai hulle gewere woedend in die lug, oorgehaal om te korrel as die kleinste beweging



verklap waar Mannetjies wegkruip.

“Goeie genugtig!”, brom die ouer man. “Het jy hom gesien?”

Die seun hou asem op. “Wat was dit, Pa? `n Hond?”

“`n Hond!” Die boer se stem klink of hy hom uitlag. “`n Hond wat só spring? Waar het jy al so iets gesien. Dis g'n hond daai nie.”

“`n Rooikat?”

“Ag, asseblief,” koggel die pa. “Is daar fout met jou oë, jong? Dis g`n kat nie.”

“Geen vlees en bloed kan so hoog spring nie,” sê die jong man versigtig.

“Moenie verspot wees nie, man,” betig die pa hom. “Natuurlik was dit iets van vlees en bloed.”

“Dit kan nie wees nie, Pa,” hou die jonger man aan. “Dit was `n drogbeeld – of `n spook. `n Spookhond. Soos een van daardie honde in die mites waaruit Ma vir my voorgelees het. Onthou Pa nog? Die een se oë was so groot soos pierings.”
“Ag, jou domkop,” vervies die ouer man hom. Hy buk om die verfomfaaide dooie hoender op te tel. “Gaan stel daardie strik, man,” skree hy ongeduldig op sy seun. “Daar”. Hy wys in die rigting van die dennebome. “En doen dit dié keer ordentlik.”



Dan korrel hy blindelings tussen die bome in en trek die sneller. Die koeël slaan met `n dowwe plof in `n boomstam vas, net `n entjie van Mannetjies af. Mannetjies koes. Hy draai om en begin hardloop. Hy hoop hy sien nooit weer een van daardie boere wat net wil skiet nie.

En dit was waar die legende van die Spookhond begin het. Na baie geslagte is kinders nog steeds bang hulle loop in die reuse Spookhond vas wat in die bosse skuil, wat helder oordag uitgegroeide skape en hoenders vang, en oor twee meter hoë heinings spring. Selfs grootmense sweer dat hulle party nagte sien hoe die Spookhond se blink oë jou dreigend uit die donker aanstaar. En iets vreesliks het altyd gebeur, so het hulle gesê, na die Spookhond se verskyning.

* * *



Met sy snoet teen die grond het hy Boetie se reuk die hele pad gevolg, tot daar waar hy by sy oupa in `n sinkhut gewoon het.

# `n Vriend, uiteindelik!




Elke dag ná skool het klein Boetie afgesit na die plek waar die groot bloekomboom wat eenkeer deur die weerlig raakgeslaan is, nou kaal en verskroei tussen die res van die plantegroei uitgetroon het. Met die verskriklike slag van die weerligstraal het die stam van bo tot onder middeldeur geskeur, sodat die een helfte soos `n kwaai rumatiekvinger boontoe wys, en die ander helfte plat op die grond lê, met kaal grys takke wat soos ribbes langs `n ruggraat uitsteek. Dit was op hierdie verbleikte geraamte van die "Spookboom", soos die mense in die buurt dit genoem het, dat Boetie smiddae ná skool rondgeklim en gespeel het terwyl sy oupa se twee wit bokke, Klara en Heidi, aan die bossies en Port Jacksons knibbel.

Partykeer het die bokke ook oor die omgevalle boomstam geklouter, en gebokspring en gebalanseer en fyngetrap

oor die dooie takke, miskien omdat hulle geneties terugverlang het na die steil hellings en gevaarlike berglysies waar bokke oor die eeue heen so `n stewige vastrapplek gehad het.

Dag na dag was dit of `n magneet vir Mannetjies aantrek om te gaan kyk hoe Boetie soos `n tipiese seunskind op die bloekom se stam speel. Hy het op `n veilige afstand bly sit, altyd gereed om pad te gee. Boetie het vir Mannetjies ook raakgesien. Dan het hy gefluit en probeer om met die hond maats te maak, maar elke keer sodra hy



naderkom, het Mannetjies weggehardloop. Die skaarste van die winter het sy tol geëis. Sy pels het yl geraak en sy bene het so skerp teen sy vel uitgestaan, dat dit gelyk het asof dit dwarsdeur sy vel gaan steek. Die lig en glans het uit sy oë verdwyn, tog het hy elke dag rondgedwaal op soek na iets om die honger te stil wat aan sy binnegoed geknaag het.

Die eerste tekens van die lente was in die lug en die dae het begin langer word. Teen sononder, as Boetie op pad was huis toe, het sy oupa se bokke agter hom aangedrentel. Dan het Mannetjies dit nader gewaag aan die plek waar Boetie gespeel het, sodat hy Boetie en die bokke se reuk kon kry. Met sy snoet teen die grond het hy Boetie se reuk die hele pad gevolg, tot daar waar hy by sy oupa in `n sinkhut gewoon het.



Langs die hut was `n put met `n klipmuurtjie rondom, omtrent so hoog soos Boetie se skouer. Dit was Boetie se taak om elke aand teen die staalsporte aan die binnekant van die put af te klim en vir sy oupa `n emmer water te gaan haal. Daarna het hy die bokke vir die nag in `n lendelam houtstal toegemaak wat sy oupa aan mekaar getimmer het. Boetie, al naam wat hy ooit gehad het, was 12 jaar oud, maar klein vir sy ouderdom. Hy was die kleinseun van oom Klaas wat as tuinier vir Groot-Jan Pienaar gewerk het. Oom Klaas het nie meer swaar plaaswerk gedoen nie. In plaas daarvan het hy mnr. Groot-Jan se groentetuin en blombeddings versorg met sy

wonderlike groen vingers. Oom Klaas het sy eie geheime gehad as dit by tuinmaak kom. Sy groente en blomme het beter en mooier gegroei as enigiemand anders s`n. As Groot-Jan soms vir oom Klaas gevra het wat sy geheim was, het die ou man net geheimsinnig gelag. "Al wat ek kan sê, is dat dit nie uit `n plastieksakkie kom nie, Meneer."

In sy vrye tyd het oom Klaas die dosyne potplante op sy eie voorstoep versorg wat sy plakkershut so mooi versier het, dat dit eenmaal op `n toeristepamflet vir dié area gepryk het.

Die lewe was soveel beter toe mnr. Groot-Jan se vrou nog geleef het, en oom Klaas se eie vrou Sannie en sy dogter Dienie ook. Maar Dienie is dood aan `n onbekende siekte wat niemand verstaan het nie, en Sannie is ook kort daarna oorlede aan `n gebroke hart, sodat oom Klaas self Dienie se seuns moes grootmaak. Nou het mnr. Groot-Jan en mnr. Klein-Jan alleen in die groot huis gewoon, met



groot, fris, vriendelike Grieta om vir hulle huis te hou, terwyl oom Klaas en Boetie onder in die hut gebly het.

So het dit gekom dat, soos die dae verbygegaan het, die kaalvoetseun en die uitgehongerde rondloperhond vir mekaar gewag het. Hulle het tot mekaar aangetrokke gevoel want altwee het behoefte gehad aan `n vriend.

Eendag, nadat Boetie al huis toe was, het Mannetjies op `n ou plastiek-margarienbakkie vol warm, skuimende bokmelk afgekom wat Boetie daar vergeet het. Mannetjies het die melk gulsig opgeslurp en die bakkie drooggelek. Die volgende dag het Mannetjies gekyk hoe Boetie weer langs die groot, pienk uier van die bokooi hurk en aan die twee spene sjor-sjor tot die emmer vol was. Langsaan het Boetie `n hopie sagte hoenderbeentjies gelos, en `n broodkorsie wat in visolie geweek was.



Boetie het die hond Mannetjies genoem. In Mannetjies het 'n toegeneëntheid gegroei en Boetie het die middelpunt van sy bestaan geword. 'n Liefde en 'n blinde trou jeens Boetie het in hom gegloei – sterker as enigiets wat hy ooit tevore ervaar het.

* * *



… dan spring hy vinnig orent, en sy nekhare rys. Sy bolip trek op, en hy knor om hulle te waarsku.

# Spatsels rooi verf

Eendag het drie groter seuns oor die veld verby die Spookboom geloop, op pad na die eenmanswinkel wat kort tevore oopgemaak het. Boetie het `n blomkassie uit `n paar weggooiplankies gemaak wat hy vir Oupa wou gee vir sy verjaarsdag. Sy onderwyser het vir hom `n verfkwas en `n halwe koppie rooi poeierverf saamgegee huis toe, sodat hy Oupa se blomkassie kon verf. Boetie het die verf in `n fles water gemeng en toe by die Spookboom gaan sit om Oupa se geskenk te verf terwyl die bokke daar naby rondwei.



Mannetjies het `n paar tree van hom af gesit, met uitgestrekte voorpote en 'n tong wat by sy vriendelike bek uithang, terwyl hy elke beweging van Boetie fyn dophou. “Haai, Boetie, wat maak jy?” skree een van die seuns. Boetie kyk net af grond toe. Hy het die seuns al by die

skool gesien, hoewel hulle in `n hoër graad as hy was. Hy weet die grootste een se naam is Pietman.



“Waar's jou skoene,” skree die ander seun. “Het jy dan nie geld vir skoene nie?” Die seuns het onder mekaar gegiggel. Boetie het net voor hom op die grond gekyk.

“Waar's jou ma?” koggel die derde seun. “Het jy nie `n ma nie? Sy't seker vir jou weggeloop.”

Die eerste seun tel `n groot klip op. “Pasop,” skree hy vir Boetie, “dis `n bom!”



Die indringers gil van plesier toe die groot klip sy teiken tref en die fles in skerwe laat bars, terwyl rooi blertse in alle rigtings spat. Boetie sit kop onderstebo. Die tweede seun tel `n kleiner klip op.

“Pasop, Boetie; die volgende bom gaan jou opblaas!” skree hy. Die klip is perfek gemik, en tref vir Boetie op die kroon van sy kop. Hy kners op sy tande en sluk sy pyngil weg. Tot dusver kon Mannetjies nie verstaan waarom die indringers so aggressief is nie. Maar toe spring hy vinnig orent, en sy nekhare rys. Sy lippe trek van mekaar en hy knor om hulle te waarsku. Die seuns skrik hulle boeglam.

“Sê jou hond moet ophou,” gil die tweede seun.

“Anders gee ons hom gif in. Dan het jy nie meer `n hond nie.”



Die groot seun, Pietman, tel nog `n groot klip op. Dié keer mik hy na Mannetjies. “Maak jou hond stil, of hy kry ook `n klip teen sy kop,” dreig hy.

“Doen jy dit net,” skree Boetie as hy opstaan, reg om te baklei.

“Voertsek!” skree Pietman vir die hond. “Voertsek!” `n Diep gromgeluid kom uit Mannetjies se keel. Hy knor en wys sy tande. Pietman is skielik doodbang vir die hond. Hy gooi die klip. Dit tref vir Mannetjies tussen die oë. Mannetjies kef, maar hy staan sy man. Met 'n stywe, reguit stert, nekhare wat rys en platgetrekte ore grom hy gevaarlik.

Die seuns se bravade van `n paar minute gelede slaan om in paniek. “Voertsek! Voertsek!” skreeu hulle. “Boetie, jaag jou hond weg of ons verbrysel sy kop.”

Mannetjies kan hulle vrees ruik. Die diep grom in sy keel word al hoe kwaaier. “Vat weg daai hond,” pleit een van die seuns, maar dan maak hulle almal saam die fout om weg te hardloop. Ná vyf groot spronge het Mannetjies Pietman se kortbroek tussen sy tande beet. Hy skud hom asof hy die lewe uit `n haas wil skud.

Die dun, verslete materiaal skeur oop, en die seun staan kaalbas. Mannetjies kry die geronde stuk vleis beet en byt hard.

Gillend van vrees hardloop die seuns vir al wat hulle werd is. Mannetjies draai terug na Boetie toe. “Hiervoor gaan jy betaal, Boetie,” skree Pietman van ver af.



“Ek gaan jou hond vrekmaak!”

Maar Boetie het gedink dit was die snaaksste ding wat hy nog ooit gesien het, en hy en Mannetjies rol op die grond soos hulle lag en stoei en mekaar karnuffel van pure plesier.

* * *



Oom Klaas se gesig verkreukel in
`n glimlag.
Hy is bly dat sy kleinseun sy
verjaarsdag onthou.

# Bokmelk en blombolle



Mannetjies het nou sy doel in die lewe gevind. Hy en Boetie was soos familie. Hy was Boetie se skaduwee as hy soggens oor die veld geloop het om die skoolbus te haal. Smiddae het hy opgewonde gewag om vir Boetie te groet as hy uit die bus klim. Dan het sy stert woes gewaai en sy hele lyf het gewikkel van plesier. Boetie het geweet sy oupa was nie so lief vir honde nie, en op een of ander manier het Mannetjies dit verstaan. Daarom het Mannetjies smiddae vir Boetie by die Spookboom gewag, gretig om die bokke se geblêr te hoor as Boetie aankom met die twee bokooie langs hom, terwyl hulle pienk uiers ritmies heen en weer swaai.

"Kom nader, Mannetjies," roep Boetie as hy een van die bokooi se spene neem en dit sommer so in Mannetjies se gesig spuit. Mannetjies lek die warm, soet melk wat langs sy snoet afloop. Oor en oor het Boetie hierdie heerlike speletjie met hom gespeel, tot hulle dit reggekry het dat

Boetie die straal melk tot binne-in Mannetjies se oop bek laat spuit.



Wanneer die reëntyd gekom het, en die droë rivierbedding weer lewe gekry het van al die paddas en ganse en riete en voëls, het Boetie en Mannetjies geswem en baljaar terwyl die bokke aan die rand van die water gesuip het.

Dit was asof hulle pret nooit sou ophou nie.

Elke jaar het oom Groot-Jan die ram vir oom Klaas gaan haal. Die ram het agter op oom Groot-Jan se bakkie gestaan, met `n tou wat styf van elk van sy gekrulde horings aan die kante van die bakkie vasgemaak is, sodat hy kon stilstaan as hulle ry. Maar al die ongerief wat hy gedurende die rit moes verduur het verdwyn die oomblik dat hy die twee bokooitjies gewaar waar hulle vir hom gewag het. Pragtig getooi met golwende borshare en `n bokbaardjie, en die reuk van feromone in sy neusgate, het hy sy taak met oorgawe aangepak.

Saterdae het Oupa soms die mooi blou-en-geel karretjie afgestof wat hy van ou planke en fietswiele gemaak het. Hy het die ram ingespan, die karretjie vol potte blomme gepak, en vir Boetie kortpad deur die veld gestuur om die blomme in die voorstede te gaan verkoop.

Boetie het langs die bokram geloop, met Mannetjies aan sy ander kant, kruis en dwars deur die strate van die voorstede, terwyl hy roep "Blomme te koop. Hangmandjies te koop!"

Die huisvrouens was dol daaroor. Met babas op die arms en `n rits jong kindertjies wat agterna tou, het hulle deur hulle tuintjies aangeloop gekom. Hulle het gesels met die kaalvoetseun en hulle kinders aangemoedig om die trotse bokram te streel. Dan het hulle vir Mannetjies saggies op die rug geklop en vir Boetie gesê hy is `n regte entrepreneur, en hy moet gou weer kom sodat hulle vir Billie die bokram kan troetel, en kan blomme koop.

In die lente is twee sneeuwit bababokkies gebore, en kort voor lank het hulle ook langs hulle ma's gebokspring en agterop geskop, op die groot bloekomstomp geklouter en hulle stewig op die onmoontlikste plekke gebalanseer. Toe hulle drie maande oud was en die vrypostige rammetjies begin lastig raak het, is hulle verkoop.

Oupa het sy hut in die kleure van Madiba se vlag geverf. Boetie het geslaag en is na die volgende graad bevorder.

Snags het Mannetjies in `n vlak lêplek geslaap wat hy vir homself uitgehol het, net binnekant die boomlyn van die denne wat hom daardie dag teen Boer Groot-Jan se

koeëls beskerm het. Elke vesel in sy liggaam was waaksaam, sodat die kleinste beweging of geluid hom sou wek, waarna hy die lug sou snuif om seker te maak dat alles reg is.

Mannetjies het net eenmaal naby Boetie se oupa gekom. Dit was al sterk skemer en Oupa het in `n lendelam stoel onder sy hut se afdakkie gesit en rook. Sy stem was grof, soos hy dikwels geklink het. “Wie se hond is dit daardie?” het hy nors gevra.



“Dis my hond, Oupa,” het Boetie geantwoord.

“Twak,” het die ou man kwaai gesê, en swaar uit sy stoel opgestaan. Hy het gebuk om `n klip op te tel.

“Voertsek! Weg is jy!” Sy rug was krom en sy gooi was effentjies, maar Mannetjies het stert tussen die bene padgegee.

“Moenie, Oupa,” het Boetie gekeer. “Moenie hom seermaak nie!”

Mannetjies het alles van `n veilige afstand dopgehou, en wat hy gesien het, het die hare op sy rug penorent laat staan. Die ou man het sy sambok gevat en vir Boetie `n kwaai hou oor sy skouer gegee. Boetie het geskree van die pyn.

“Moenie met my sukkel nie,” het die ou man gewaarsku. “Wat gaan in jou kop aan dat jy so `n vuil hond hiernatoe bring? Hy gaan ons kos steel en mnr. Groot-Jan se hoenders opvreet. Voertsek!” Hy het die woord uitgespuug na waar Mannetjies gestaan en kyk het. Toe buk hy weer om `n groot klip op te tel en gooi dit in Mannetjies se rigting.

“Vieslike vlooi-taxi!” het hy gebrom, en nog `n hou na sy kleinseun gemik.

Maar Boetie het gekoes en gehardloop om die bokke vir die nag te gaan wegsit. Wanneer sterk drank en die ouderdom die ou man se verstand benewel het, soos vanaand, het die bokke se gehawende stal met die vriendelike, winderige, snorkende herkouers Boetie se toevlug geword.

“Waar's die water, jou klein derduiwel?” het oom Klaas geskree. Boetie het die onderdeur van die bokke se

skuurtjie vasgemaak en na die put gehardloop. Vroeër kon mens die skoonste, soetste water uit hierdie put skep. Maar dit was vyftien jaar gelede, voor Boetie nog gebore is, en voor die fabrieke die plaasgrond begin inneem het. Voor die groot fabriek vir die herwinning van staal begin dreun het, en bruin rookwolke met skadelike gasse in die lug begin blaas het, en die grondwater met sy afval besoedel het.

Geleidelik, sonder dat 'n mens dit kon agterkom, het die water in die put bruin begin verkleur. Voor haar dood het Ouma dikwels gekla oor die water by die groot huis, en kenners van die universiteit het kom toetse doen. Blykbaar het hulle gevind die water is 'geskik vir menslike gebruik'.

“Waar's die water, klong?” het die ou man ongeduldig geskree.

“Ek kom, Oupa.” Boetie se stem klink dof soos hy teen die metaalsporte, wat in die muur van die put gemessel is, afklim. Onder is dit stikdonker.

Terwyl hy op `n sport onder die watervlak staan en met sy een arm aan `n hoër sport hang, leun Boetie oor om die emmer in die water te laat sak tot daar nie meer borrels uitkom nie. Dan, met `n ongekende krag vir sy ouderdom, klim hy weer boontoe. Hy was gekonfyt in hierdie taak, want hy moes dit elke dag van sy lewe doen, vir solank hy kon onthou.

Boetie gaan sit die emmer langs sy oupa neer. Dan kantel hy die emmer sodat die water oorloop in `n kom waarin sy oupa kan hande was. Boetie maak ook so.



In stilte sit hulle twee op die stoep, met net die olielamp wat brand en die sterre bokant hulle koppe, terwyl hulle hoender en stywepap eet. Dit lyk of Oom Klaas se bui nou gesak het.

"Jy eet deesdae te veel, Boetie," merk die ou man op. "Ek kom agter jy raak by die dag gulsiger." Boetie skud sy kop; hy stem nie saam nie. "Ek groei, Oupa. Dis hoekom."

Die ou man lag. Hy knik. "Dis die moeilikheid." Boetie haal rustiger asem. Hy is bly hy het sy oupa laat lag. As alles goed gaan, sal sy oupa nou enige tyd aan die slaap raak; dan kan Boetie vir Mannetjies `n bietjie kos in die leë margarienbakkie uitkrap.

Die ou man sit terug en rol `n sigaret. "Môre, Boetie, moet jy die Clivia-saadjies plant, soos Ouma altyd gemaak het. Sy het altyd gesê Clivias is soos kinders – hulle vat lank om groot te word."



“Dis môre Oupa se verjaarsdag,” waag Boetie.

Oom Klaas se gesig verkreukel in `n glimlag. Hy is bly dat sy kleinseun sy verjaarsdag onthou. “Môre moet jy die komposhoop omkeer, dan bring jy van die kompos hiernatoe in `n plastieksak,” sê hy. Ouma het altyd die Clivia-saadjies op my verjaarsdag geplant.

Mannetjies het maar liewer uit Oupa se pad gebly, maar in sy agterkop het hy geweet dat Oupa en die bokke aan Boetie behoort, en daarom het hy hulle ook opgepas.

* * *



... `n vreeslike ding het met Mannetjies gebeur

# Veedief!

‘n week voor die einde van die kwartaal gee die klasonderwyseres vir Boetie `n brief in `n verseëlde koevert om vir sy oupa te neem. Sy het vir Boetie Pietersen en Gabrielle O'Connor geroep om voor in die klas te kom staan.

“Jy het hierdie kwartaal baie goed gevaar, Boetie,” sê die onderwyseres met `n glimlag. “En jy ook, Gabrielle. Gee hierdie briewe vir julle ouers sodat hulle kan kom kyk hoe julle môre-aand julle pryse by die skool se prysuitdeling ontvang.”

Oom Klaas het die brief na die groot huis geneem om dit vir mnr. Jan te wys. Die groot, fris, moederlike Grieta het hom by die kombuisdeur ontmoet waar hy geduldig gewag het terwyl sy inwaggel om vir Groot-Jan te gaan



roep. Oom Klaas was trots dat hy so `n slim seun soos Boetie grootgemaak het.


“Boetie is `n goeie seun. En slim!” Oupa skud sy kop as hy hom verwonder aan sy kleinseun. Hy gee die skool se brief vir mnr. Groot-Jan. “Sy ma sou baie trots gewees het op hom.”

Groot-Jan neem die brief en lees dit. “Ja,” lag hy. “Dis baie goed. Maar dit gaan donker wees en môre reën dit. Ek sal vir Klein-Jan sê om vir jou en Boetie met die bakkie te neem en weer te gaan haal.” Oupa bedank vir Groot-Jan. Soos hyself, het mnr. Groot-Jan ook `n sagte kant.

Oupa trek die baadjie aan wat Ouma vir hom so mooi heelgemaak het toe sy nog geleef het. Dit hang nou soos `n sak aan sy ou, benerige liggaam. Hy poets sy skoene en sit die hoed op wat hy kerk toe dra. Klein-Jan laai hulle by die skoolhek af en Oupa kry vir hom `n sitplek in die groot skoolsaal, saam met al die ander trotse ouers en oumas en oupas.



Terwyl die koor op die verhoog staan om die skoollied te sing, wag Boetie agter die gordyne, gereed om vorentoe te kom as sy onderwyseres die teken gee dat hy sy sertifikaat van die skoolhoof moet ontvang. Gabrielle O'Connor staan langs hom in haar netjies gestrykte skooluniform. Haar lang, bruin hare is in twee poniesterte gekam, elkeen met `n blink, groen lint wat perfek gestrik is. Hoewel hulle in dieselfde klas is, het hulle nog nooit met mekaar gepraat nie. Vir Boetie het dit gelyk of sy te deftig is om vriende te wees met `n seun soos hy. “Ek is bang,” fluister Gabrielle in sy oor. Boetie knik.



Intussen het daar by die huis `n vreeslike ding met Mannetjies gebeur. Hy het nie verstaan wat aangaan toe Klein-Jan, die man wat hom eenmaal wou doodmaak omdat hy `n hoender gevang het, met sy bakkie by Oupa se hut opdaag nie. Hy het vir Oupa en vir Boetie voor laat inklim en weggery. Mannetjies se hart was onrustig. Boetie en Oupa het nog nooit saans iewers gegaan nie. Hoekom het Boetie in die donker sonder hom vertrek? Hoekom is hy saam met Klein-Jan daar weg? Sou Klein-Jan hom ook

probeer doodmaak? Hy het omgekrap gevoel, en vir hom `n plekkie naby die hut gekry waar hy kon sit en wag tot Boetie terugkom. Die lang minute het later ure geword, en uiteindelik het hy aan die slaap geraak.



Hy spring verskrik orent. `n Weerligstraal skeur soos `n saag deur die naglug, en daarna slaan die donderweer so hard en heftig dat vrees Mannetjies se hart beetpak. Swaar reëndruppels stort soos klippe op hom neer. Hy hardloop die donker in. Hy hou aan hardloop en hardloop.

Toe dit lig word, het die storm verbygetrek en die aarde skitter in die vroeë oggendlig, asof dit pas gewas en gepoets is. Boetie het nie geweet van die vrees wat Mannetjies alleen moes verduur nie. Hy het sy sertifikaat van die skoolhoof ontvang en Oupa was in sy skik met hom. Toe hulle tuiskom, het hulle dadelik gaan slaap.

Vir hom was die weerligstrale en donderweer wat die hemel verlig het, en die geluid van die vallende reën op die dun sinkdak, opwindend en wonderlik.

Maar die volgende oggend sou Boetie ontdek dat Mannetjies nie daar was om hom op pad skool toe te groet nie. Met huistoegaantyd was hy ook nie by die bushalte nie. Later het hy by die Spookboom gefluit en geroep, en verwag dat Mannetjies vriendelik oor die veld aangedraf sou kom.



Teen sononder was die tekens van `n nare voorgevoel en vrees duidelik op Boetie se gesig. Sê nou Mannetjies het op daardie oomblik gebewe en gesidder van pyn, dalk met `n gebreekte poot wat hy nie kon gebruik nie omdat hy in oom Groot-Jan se valstrik gevang is? Almal het geweet jy moet nooit langs `n heining loop waar die skape aan die ander kant wei nie. Dis waar oom Groot-

Jan partykeer sy strik gestel het. Eenkeer het oom Groot-Jan se eie hond in die valstrik beland en die groot boer moes hom skiet – net daar waar hy gelê het, vasgevang en verniel, terwyl hy jammerlik getjank het.

Daardie keer het Boetie weggekruip, maar alles gesien. Oom Groot-Jan het sy eie hond in die kop geskiet. Vir `n oomblik knyp Boetie sy oë toe en vertrek sy gesig as die skoot weer in sy gedagtes afgaan.



Hy het geweet sy oupa sou die sambok uithaal as hy agterkom Boetie wil na Mannetjies gaan soek in die omtrek waar die skape wei. Gelukkig het Oupa gedrink, en hy sou enige tyd aan die slaap raak. Die oomblik toe hy sy Oupa se ritmiese gesnork hoor, glip Boetie by die hut uit. Hy vat die lekker sterk kierie wat oom Groot-Jan die vorige Kersfees vir Oupa present gegee het. As Mannetjies dalk in die tande van 'n staalstrik vassit, sal hy dit met sy laaste bietjie krag en Oupa se kierie oopforseer.

Boetie loop die woud in. Hy voel hoe sy hart klop. Sê nou die Spookhond val skielik uit die takke bokant sy kop, kom op sy rug te lande en vreet hom lewendig op? Sê nou die Spookhond het alreeds vir Mannetjies beetgekry?

"Mannetjies!" roep Boetie. Hy wag, en luister. "Is jy hier, Mannetjies?" Hy wens die tarentale wil `n slag ophou met hulle aanhoudende "du preez, du preez, du preez, du preez", sodat hy beter kan hoor. Dis veels te gou donker. `n Rilling van vrees gaan deur hom en sy knieë kap teenmekaar.

Skielik, bokant die skor aandgesang van die tarentale, hoor hy `n skaap wat blêr. Verbaas spring hy agter `n denneboom in.

Wanneer Boetie versigtig om die boom loer, sien hy iets wat hom yskoud laat word. Pietman, die groot ou wie se broek Mannetjies daardie dag met sy tande oopgeskeur het sodat hy kaalbas gestaan het, was anderkant die heining. Hy het so pas `n skaap geslag. By sy voete lê die groot karkas nog en bloei. Pietman kyk skelm rond. Boetie hou sy asem op. Veediefstal is `n ernstige misdaad. Pietman kan tronk toe gaan daarvoor. As Pietman hom nou sien, sal hy sowaar vir Boetie ook doodmaak, want dooie mense kan nie stories aandra nie. Pietman hurk by die heining waar hy `n flap uitgesny het. Hy trek homself daardeur en vat die skaap aan die agterpote om haar ook deur te sleep.

Hy weet net hoe om die flap weer toe te maak, want hy draai elke stukkie draad netjies vas tot die heining weer heeltemal heel lyk. Boetie se mond is droog van vrees.

Pietman beweeg na sy kant toe met die skaap wat hy aan die een poot saamsleep. Al manier waarop Boetie nou kan ontsnap, is om oor die stuk grond te hardloop waar oom Groot-Jan altyd sy strik stel.

In sy ontsteltenis draai Boetie om om te vlug. Met sy oupa se kierie druk en steek hy voor hom uit, en elke tree word `n oorwinning oor die valstrik wat iewers soos `n



landmyn begrawe lê.
Hy is so te sê verby die gevaarsone, toe die grond skielik voor hom oopspat. Met die plofgeluid van metaal, ruk iets die kierie uit sy hand.

Daar staan die stewige geskenk wat Oupa by oom Groot Jan gekry het nou amper penregop in die kake van die valstrik. Boetie hardloop vir sy lewe.




Mannetjies het nie geweet
watter lot op honde in die skut
wag nie.

# Die doodskoot

Mannetjies het tog in `n soort strik beland. In die munisipale skut. Saam met die ander honde vir wie die uurglas besig was om leeg te loop.

Mannetjies het natuurlik nie geweet watter lot op honde in die skut wag nie. In `n lang, smal gebou, was hy een van die 70 of meer honde wat in rye draadhokkies opgesluit was, met twee of meer honde in elkeen. Die stank van ontsmettingsmiddel het sy neusgate en oë gebrand.



`n Klein Maltesertjie wat seker eens op `n tyd wit was, is saam met hom in `n hok. Sy het sover as wat sy kon teen die agterkant van die hok gekruip en sonder ophou gebewe.

Links en regs van hom sien Mannetjies niks anders as

honde van elke moontlike vorm en grootte nie, almal ewe gretig om losgelaat te word, onwetend dat die dood hulle voorland is.



Maar almal het kos en water gekry, en vir dié wat omtrent net vel en been was, moes die skut seker hemel op aarde wees. Die meeste van hulle het ewe gedwee in die gangetjie af geloop as hulle tyd aangebreek het. Hulle het nog gespring en stert geswaai, en die hande gelek van die doodsengele wat hulle kom haal, asof hulle dink dis iemand wat met hulle kom maats maak.



Die hond langsaan het teen die draad tussen hulle geurineer, en die geel vloeistof het langs die koue sementvloer afgeloop tot in Mannetjies se hok, en verder tot in die volgende hok.

Mannetjies het gesit en wonder watter ramp hom getref het.

Die deur van die hok het oopgegaan en `n netjiese vrou het binnegekom, saam met 'n ou afgetrede man wat nou die bestuurder van die skut was. Die klein Maltesertjie in Mannetjies se hok het nog steeds geruk en gebewe waar sy styf teen die agterste muur geskuil het. Maar party van die ander honde het vorentoe gestorm om die besoeker te bekyk, en opgewonde teen die voorkant van die hok opgespring, met `n getjank en `n geblaf wat `n oorverdowende lawaai gemaak het.

Twee honde het in een van die hokke begin baklei, en die ou man het dadelik `n einde aan die geveg gemaak met `n straal water uit die tuinslang wat hy spesiaal vir dié doel byderhand gehou het.

“Maltesers,” sê die ou man vir die vrou, “is die soort hond wat ons dikwels kry. Die dag as hulle nie meer so oulik is nie, wil die eienaars nie meer moeite doen om hulle pels te versorg nie. Dis lastig en duur. In elk geval, ek sê altyd, liewer dood as verwaarloos. Partykeer verkoop ons hulle aan matrose in die hawe wat hulle gaarmaak om te eet.”

Die vrou het nou begin huil. Sy trek `n sneesdoekie uit haar handsak om haar oë en neus mee af te vee. Met `n bewerige stemmetjie roep sy: “Mishka, Mishka – waar is

jy? Mishka?" Sy draai om na die ou man. "Ek weet nie hoe sy by die hekkie uitgekom het nie. Dalk is sy nog gesteel." Die vrou begin onbedaarlik snik.

"Jy moes `n plaatjie met jou telefoonnommer aan haar halsband vasgemaak het," raas die ou man. "Dan kon ons jou gebel het om te sê dat sy hier by ons is. Kon jou al hierdie hartseer gespaar het."

Die man gaan staan voor Mannetjies se hok. "In elk geval, dis hierdie enetjie wat ek gedink het miskien Mishka kan wees."

Die vrou loer skrams verby Mannetjies na die ineengekrimpte, beteuterde klein affêretjie in die hoek. Sy buk af. "Mishka?"



Sy skud haar kop jammerlik. “Dis nie Mishka nie. Mishka sou na my toe gehardloop het. Nee wat, ek kan sien dis nie Mishka nie.” Dan kyk sy na Mannetjies. “En dié hond? Gaan julle hom ook doodmaak?”

“Almal van hulle, Mevrou,” antwoord die ou man. “Hulle het nêrens om heen te gaan nie. Niemand wil hulle hê nie.”

“Maar waar kry julle hom? Hy's pragtig. Iemand sal hom tog sekerlik kom soek?”

“Hy was `n laspos, Mevrou,” antwoord die man. “Seker maar een van daardie drosters op die plase. Jy kan mos sien hoe maer is hy. Hy het sommer hier in die voorstad aangeloop gekom. Die nag toe dit so gehael het. Toe begin hy `n oorlas van homself maak by `n vrou wie se Labrador op hitte is. Spring sommer dwarsoor haar heining. Sy het gedreig om hom te vergiftig as ons hom nie kom haal nie.”

“Liewe hemel,” sê die vrou ontsteld. “Vreeslik om net aan so iets te dink! Kon julle hom toe maklik vang?”

“Ja, Mevrou. Ons het lokaas in hierdie strik gesit.” Die ou man tik met sy hand op `n groot draadstrik daar naby. “Mens sit die vleis aan die verste kant – dan loop hy in, trap op hierdie gedeelte, en die deur klap agter hom toe. Geen probleem nie.”

Die vrou staar na Mannetjies. “Hy'so mooi,” dink sy hardop. “Kyk net na sy adellike gesig.” Die trane wel weer in haar oë op. “Ek kan dit nie verduur nie,” sê sy as sy

omdraai na die gang toe. “Hoe kom `n mens weg van al hierdie oë?”

“Hoekom neem u nie een van hierdie honde nie, Mevrou – in die plek van Mishka?”

“Maar sê nou ek kry weer vir Mishka?”

“Dan het u twee honde, Mevrou.”

By die deur gaan staan die vrou stil. Sy draai nie om nie.

“Ek kan nie na hulle oë kyk nie,” Sy skud haar kop. “Hy's te groot. Ek woon in `n dorpshuis met `n klein tuintjie.”

“Nou wat van een van die jong hondjies?”

Lang oomblikke tik verby. “Bring vir my die kleintjie wat saam met daardie mooi grote in die hok is,” sê sy eindelik. Dan maak sy die deur oop en gaan uit, terwyl die man terugloop na Mannetjies se hok.

Mannetjies sien dat die vrou die buitedeur laat oopstaan het. Hy kom orent en frons verward. Hy kerm saggies. Net toe die ou man die hok se deur oopmaak om heel agter by die klein Maltesertjie uit te kom, vat Mannetjies sy kans. Hy stamp amper die man onderstebo, spring by hom verby, pyl in die gang af, dwarsdeur die oop deur, verby die netjiesgeklede vrou tot oorkant die besige straat, en verdwyn soos `n groot speld voordat enigiemand tot verhaal kan kom.

Dit was al donker toe hy Boetie-hulle se hut in die maanlig gewaar. In die skaduwees hardloop hy tot by die hut.

Oupa snork soos gewoonlik. Mannetjies krap met sy voorpoot langs Boetie se lêplek aan die ander kant van die sinkplaat. Hy kerm, en krap nog `n slag.

“Mannetjies?” hoor hy vir Boetie fluister.

Mannetjies hardloop om na die deur toe, en met gespitste ore wag hy. Dan spring hy teen Boetie op om hom te groet terwyl hy kef van plesier en proes van genot, en mal bokspring van opgewondenheid.



Boetie voel asof sy hart wil bars van blydskap. Dan begin hulle baljaar – hulle hardloop so al wat hulle kan in die maanlig, uitgelate, skoon laf en verspot oor die wonder om weer saam te wees. As hulle uiteindelik terugkom, is hulle doodmoeg. Albei gee `n paar lang gape.



Boetie loop op sy tone binne toe, en tot sy verligting lê Oupa nog lekker en snork. Hy neem sy kombers na die lendelam bokskuurtjie waar hy en Mannetjies hulle op die strooi tuismaak, langs Heidi en Klara en elkeen se tweelingbokkies. Hulle raak vas aan die slaap.

* * *



As hy die man sien wat eendag in sy
jeep op hom afgepyl
en op hom geskiet het, gaan
Mannetjies se hart byna staan van
vrees.

# Groot moles by die hut

Die volgende dag het soos enige anderVrydag begin. Boetie is skool toe en Oupa het, soos hy elke dag gemaak het, die skape gaan tel voor hy na die groot huis loop om mnr. Groot-Jan se groentetuin te versorg.

Met `n knop in sy keel klop Oupa aan die groot huis se kombuisdeur. Hy was bang dat die slegte nuus wat hy moes oordra vir mnr. Groot-Jan `n hartaanval kon gee. Hy het sy bes gedoen om baie kalm te klink.

"Daar was gisteraand `n inbraak, Meneer, jammer om te sê… Net 39 skape, Meneer. Ek het drie keer getel. Daar is een skaap weg." Oupa maak dat hy dadelik in die groentetuin kom as hy merk dat Groot-Jan sy humeur verloor.



“Ek sal daardie vuilgoed kry, al is dit die laaste ding wat ek doen!” bulder Groot-Jan. Saam laai Groot-Jan en Klein-Jan hulle gewere, oorgehaal vir net een ding. Hulle spring in die jeep en jaag teen die heuwel af tot waar die skape wei. Aan die ander kant van die heining was die bos waar Klein-Jan die valstrik gestel het. Groot-Jan slaan remme aan dat die stof staan, en die twee mans spring uit die jeep.



“Hoe die duiwel het daardie dief deur die heining gekom?” skree Groot-Jan. “Kry daardie gat, man. Toe, kry hom!”

“Die valstrik!” Klein-Jan se gesig helder op. “Miskien… As ons gelukkig is…”

Hulle spring terug in die jeep en volg die pad na die anderkant van die heining. Wat hulle daar aantref is genoeg om Groot-Jan van sy verstand af te dryf. So groot soos hy is, bewe Klein-Jan nog steeds as sy pa hom so gedra.

Terug by die huis, loop Groot-Jan haastig oor na Oupa toe waar hy op die grond in die groentetuin kniel om slaai uit te plant.

"Is dit jy wat `n gek van my probeer maak?" vra hy kwaai, terwyl hy oor die verrimpelde ou man toring.

Oupa staan op, heeltemal uit die veld geslaan. Groot-Jan maak hom altyd senuweeagtig, selfs al is hy in `n goeie bui.



"Nee, Meneer," antwoord Oupa, dronkgeslaan oor die aanklag teen hom.

Groot-Jan druk die kierie teen Oupa se bors. "Is dit nie die kierie wat ek vir jou uit Amsterdam saamgebring het nie? Die een wat ek verlede jaar met Kersfees vir jou gegee het?"

"Ja, Meneer," antwoord Oupa verbaas, want hoe sou sy kierie skielik in Groot-Jan se yslike hande beland het?

"En jy gooi dit net weg? Hou jy nie van my geskenk nie?"
"Nee, Meneer," kap Oupa terug. "Ek is lief vir my kierie."

"Het jy dalk gedink dis snaaks om hom in die valstrik te steek?"

"Nee Meneer," herhaal die arme, verdwaasde ou man.

"Wel, hoe het dit dan daar beland? Kiertsregop in die valstrik?"

"Ek weet nie, Meneer," kerm Oupa. "Ek sou nooit so iets aanvang nie, Meneer. Dis die misdaad wat ons land oorneem, Meneer."



Daardie middag, nadat Groot-Jan taamlik nors sy weeklikse loon betaal het, is Oupa reguit na die nuwe algemene handelaar om `n hele "kraantjie" wyn te koop waarmee hy sy gedane senuwees kon kalmeer.

Klein-Jan het ook gevlug vir sy pa se geskel, en op sy bed die TV-gids gelê en lees. Hy skrik toe sy kamerdeur oopbars. “Gaan kyk wat daar aangaan, man,” grom Groot-Jan. “Ek wil jou nie weer in hierdie huis sien sonder die dief in jou hande nie.”

“Maar dis al amper donker, Pa,” stry Klein-Jan. “Ek kan nie nou soontoe gaan nie.”

Groot-Jan klem sy kake opmekaar en haal swaar deur sy neus asem, terwyl hy sy seun stip aankyk. Klein-Jan maak soos sy pa sê, en staan op. “Sê nou dis die Spookhond wat al hierdie goed aangevang het? Ek kan mos nie alleen soontoe gaan nie,” pleit hy. Maar as hy weer sy pa se gesig sien, verander hy van plan. “Goed, Pa,” sê hy. “Dis reg.”

Klein-Jan laai sy jaggeweer. Hy neem sy mynwerkershoed met die ingeboude koplamp, maak vir hom `n toebroodjie en vul die termosfles met warm koffie en baie suiker. Dan sit hy af bos toe, nie ver van die skape se weiding nie, en gaan rus met sy rug teen `n denneboom. Hy maak hom reg vir `n nag wat dalk baie lank kan word.

Terwyl die tarentale hulle aandlied bokant sy kop skril, wonder hy waarom hy nie `n paar bokhaelpatrone saamgebring het nie. Dan het hy ten minste iets gehad om te doen, en boonop is hy lief vir gebraaide tarentaalvleis.

Dis omtrent dieselfde tyd dat Boetie ná sy middag-uitstappie van die Spookboom af aanstryk hut toe. In sy dronkmanslaap snork sy oupa so hard dat mens die



gedreun tot 20 meter van sy woonplek af kan hoor. Ook maar goed, dink Boetie. As Oupa slaap, kan Mannetjies `n slag saam met hom huis toe kom.

Boetie hou homself besig met die bokke en gaan sit hulle op stal vir die nag, maar die jongetjies is spelerig en vol streke. Skielik spring een van die bokkies bo-op die muurtjie van die put, en gaan staan ewe heldhaftig op die rand van die diep gat – wat sy om die waarheid te sê geniet, want dis mos waarvan bok se kind hou. Boetie probeer sy bes om nie die jong bokkie te laat skrik nie, en net toe hy haar versigtig wou aftel, weerklink `n skoot deur die stil aandlug. Van skok spring die bokkie rond en bont in die lug – en met `n skril geblêr en `n benoude gefladder van pote verdwyn sy in die swart gat van die put.

Sonder om `n oomblik te huiwer, begin Boetie teen die metaalsporte in die lang, donker skag afsak.

Die skel geblêr van die skoppende bokkie word al hoe dowwer as sy in die water beland. Boetie staan kniediep in die water en trap stewig vas teen een van die sporte, terwyl hy met sy linkerhand aan `n hoër sport vashou en sy regterarm in die water steek om die bokkie uit te trek. Die bokkie se geproes en gehoes beteken dat sy nog lewe!

Toe besef Boetie eers dat dit onmoontlik is om met een arm teen die steil binnekant van die put op te klim.

"Mannetjies," skree Boetie. "Mannetjies! Roep vir Oupa. Gaan roep vir Oupa, Mannetjies!"

Mannetjies frons en spits sy ore waar sy voorpote bo-op die put se klipmuurtjie rus om te kyk of hy vir Boetie onder in die donker kan raaksien. Hy herken die dringende klank in Boetie se stem. Hy kan hoor hoe die bokkie blêr. Hy weet baie goed dat Boetie in die moeilikheid is. Oupa? Waar is Oupa? Weer hoor hy die dowwe eggo van Boetie se stem… "Roep vir Oupa, Mannetjies."



Wat maak dit saak as Oupa hom met die sambok inwag om hom pak te gee? Hy sou net koes. Waar was Oupa? Mannetjies gaan blaf by die hut se deur. Hy hou aan met blaf en blaf, weer en weer. Maar die ou man was nog in `n diep dronkmanslaap, en niks sou hom wakker kry nie.



Mannetjies hardloop terug na die put toe. Dié keer spring hy op die muurtjie en kyk weer diep af om te sien waar sy dierbare maat is. Met sy gekerm pleit hy by Boetie om weer boontoe te klim. Boetie se arms pyn. Die bokkie bly aan die wriemel, en die yskoue water maak die gevoel in Boetie se bene dood.

Mannetjies weet hy moet hulp kry. Hy weet nie hoe of waar om te gaan soek nie. Hy hardloop dan dié kant toe, dan daardie kant toe. Hy verbeel hom hy hoor `n geluid in die bos. Miskien is daar iemand wat kan help.

Intussen het Klein-Jan die tyd probeer omkry waar hy steeds met sy rug teen die boom gesit het.

Vroeër het hy `n skoot na `n boomstam so vyf meter van hom gevuur – net om te toets of hy darem nog goed mik. Nou het hy besluit dis tyd vir `n beker stomende koffie uit sy termosfles.

Mannetjies het vir Klein-Jan gewaar voordat Klein-Jan vir Mannetjies gewaar het. Wanneer hy die man sien wat eendag in sy jeep op hom afgepyl en op hom geskiet het, gaan staan Mannetjies se hart byna van vrees. Elke vesel in sy lyf wil so ver as moontlik van Klein-Jan af wegkom. Maar in plaas daarvan, bly Mannetjies op sy pos.

Klein-Jan teug aan sy koffie. Skielik draai hy sy kop eenkant toe en hou asem op. Hy luister fyn. Hy verbeel hom hy het `n effense geritsel van blare op die grond gehoor, asof iemand voetjie vir voetjie beweeg. Klein-Jan skakel die lamp op sy helm aan en draai sy kop stadig in die rondte. Hy laat die ligstrale van boom tot boom skyn. As die lig Mannetjies se oë tref, en hulle gloei soos die oë van `n kat wanneer motorligte daarop val, spring Klein-Jan op sy voete en mors al sy koffie op sy bors.

Hy lig sy geweer en lê aan, maar Mannetjies spring weg en hardloop `n entjie in Boetie se rigting. Dan gaan staan hy stil, kyk om, en blaf skerp. Klein-Jan begin hom jaag. Hy moes eintlik sy selfoon saamgebring het sodat hy sy pa kon vra om hulp te stuur. Wie sal weet hoe hierdie gedierte in die daglig lyk. Nog `n slag vang sy lamp Mannetjies se oë wat in die donker gloei. En nog `n slag stop Klein-Jan om korrel te vat. Maar Mannetjies is weg, en net uit sy geblaf moet Klein-Jan aflei in watter rigting om te loop.

Die put was nie meer ver nie, en Mannetjies moes oor `n smal stuk veld hardloop waar daar nie bome was waar hy kon skuil nie. Hy gaan staan nog `n slag om seker te maak dat Klein-Jan agterna kom. Dan gee hy 'n paar spronge tot by die put, spring op die muurtjie en blaf in die donker gat af, na Boetie toe.

Klein-Jan stop by die rand van die bome. Hy verskuif sy koplamp sodat die sterk ligstraal op Mannetjies val waar hy op die muurtjie van die put staan. Hy lig sy geweer en lê aan. Stadig trek hy die sneller.




Die skoot klap soos `n reuse-klapper in die stil naglug. Mannetjies tjank as dit hom tref en heeltemal van sy pote ruk. Hy slaan op die grond langs die put neer terwyl die verskrikte tarentale uit hulle slaapplekke fladder, en `n klaerige lawaai opskop.

"Het hom! Ek het hom!" Klein-Jan hardloop soos `n wafferse wenner na die put toe om sy prooi op te eis. Mannetjies lewe nog. Hy probeer op sy pote kom, maar hy sak elke keer inmekaar.

“My magtig!” roep Klein-Jan verbaas uit as hy vir Mannetjies sien. “Dis net `n nikswerd rondloperhond!” Hy kom nader en korrel nog `n slag. Dié keer na Mannetjies se kop. Maar op daardie oomblik hoor hy Boetie se dringende hulpkreet uit die dieptes van die put.

* * *



Hy het gehuil oor die bloed wat by die wond in Mannetjies se sy uitloop.

# Onbesonge helde

Teen laat die volgende oggend het almal in die dorp geweet van Klein-Jan se heldedaad toe hy die jong plaasseun uit die put gered het. Net ná ontbyt het Klein-Jan besluit hy het skaapdip nodig by die koöperasie, en vir die volgende twee uur het hy vir al die ander boere vertel hoe hy in die diep put moes afklim om die plaaswerker se kleinkind – en die bababokkie – te red.



Teen etenstyd het `n jong vrouejoernalis van die plaaslike koerant met haar notaboek en kamera by die groot huis opgedaag om `n onderhoud met Klein-Jan te voer. Hy het van voor af die storie vertel en hier en daar `n bietjie ingekleur sodat hy regtig na `n dapper held sou klink. Selfs sy Pa, Groot-Jan, het vir eenmaal in sy lewe gelyk of hy baie in sy noppies is met hom. Daarna is Klein-Jan saam met die joernalis na oom Klaas se hut toe, sodat sy ook met Boetie `n onderhoud kon voer, en `n foto kon neem van hom en Klein-Jan by die put.

“Maak jou mond ordentlik oop as die dame met jou praat, en hou op afkyk na jou voete,” por Oupa vir Boetie aan.



“Hy's net `n bietjie skaam,” verduidelik Oupa onderlangs vir die joernalis, en hy lyk nogal besorg.

“Dis in die haak,” sê die verslaggewer vriendelik. “Vertel, Boetie. Vertel vir ons in jou eie woorde hoe alles gebeur het.”

Boetie probeer verduidelik dat hy besig was om die bokke vir die nag in die stal toe te maak, toe een van die kleintjies op die put se muurtjie spring. Toe het daar `n geweerskoot êrens in die bos afgegaan, en van skrik het die bokkie in die put geval. Hy het afgeklim om die bokkie te red, maar kon nie weer bo uitkom nie.

“En waar was jy, oom Klaas?” vra die verslaggewer.

Boetie kyk vir Oupa. "Ek was nog bo by die groot huis," jok Oupa. "Ek het laat gewerk, want ek het slaai uitgeplant en gaan seker maak of alles reg is by die skape."

Die verslaggewer draai na Klein-Jan toe. "Hoe het jy geweet jy moes hier na die put toe kom? vra sy.

"Dit was Mannetjies!" spring Boetie hom voor. "Dit was Mannetjies wat gesorg het dat mnr. Klein-Jan hiernatoe kom!"

"Mannetjies?" vra die verslaggewer. "Wie is Mannetjies?"

"My hond!" kom dit weer van Boetie. "Mannetjies is my hond en hy het vir my gaan hulp soek."

Die verslaggewer kyk na Oupa en Klein-Jan. "Maar waar pas die hond in die storie?" vra sy verward.

"Ag," praat Oupa dit weg, "Dis sommer `n nikswerd brak wat partykeer hier ronddwaal." Dan draai hy na Boetie.

"Hy's nie jou hond nie, Boetie. Moenie lieg nie."

"Hy is my hond," sê Boetie. "En dis hy wat my gered het."

Die verslaggewer frons. Sy draai weer na Klein-Jan. "Wat kan jy vir ons van die hond vertel, Meneer?"

"Ag," antwoord Klein-Jan., "jy weet hoe kinders is. Hy praat van `n rondloperhond wat soms hier kom aas. Ons vermoed dis hy wat partykeer van ons skape vang."

“Dis nie hy nie,” sê Boetie ernstig. “Hy vreet nie julle skape of julle hoenders op nie. Ek weet, want ek gee vir hom kos. Elke liewe dag.”

Oupa klap vir Boetie dwars oor die kop. “Moenie lieg nie,” skel hy. “Ek loop haal die sambok as jy lieg.”



Die jong verslaggewer voel ongemaklik. Sy hou niks daarvan dat Boetie so geklap word nie.

“Dit maak nie saak wie se hond dit is nie,” sê sy. “Die vraag is net watter rol die hond gespeel het om iemand te red.”

Klein-Jan is haastig om te verduidelik. “Ag wel, ek het die hond op `n afstand gesien en hom agtervolg, want hy vang mos my pa se skape. Ek het korrel gevat en geskiet,

en daar slaan hy toe langs die put neer. Toe kom kyk ek maar, en dis hoe ek Boetie se hulpkrete gehoor het."

Die verslaggewer lyk geskok. "Het jy die hond doodgeskiet?"

"Nee-ee," antwoord Klein-Jan. "Ek wou hom net klits – om hom te verwilder uit hierdie omgewing, jy weet. Net `n vleiswond. Maar Boetie was so ontsteld en die ene trane, dat ek maar die hond veearts toe geneem het. In die middel van die nag. Ek moes daardie dêm hond in die middel van die nag veearts toe vat!"

"Is die hond nou reg?" vra die verslaggewer.

"Ag ja, wat," antwoord Klein-Jan, asof die onderwerp hom nou begin irriteer. "Hy's oukei."

"Hy het gebloei," sê Boetie. "En hy het die hele pad gekerm. Hy het getjank toe jy hom probeer optel het."

Onwelkome trane wel weer in Boetie se oë op. Die vorige nag het hy vir die eerste keer gehuil, sover hy kon onthou. Hy het gehuil oor die bloed wat by die wond in Mannetjies se sy uitloop.Terwyl Oupa deur die hele drama gelê en snork het, het hy vir mnr. Klein-Jan gesmeek om vir Mannetjies veearts toe te neem. Hy het langs Mannetjies gekniel en sy kop en ore gevryf terwyl sy trane oor Mannetjies se gesig drup.

Klein-Jan het nog nooit in sy lewe soveel hartseer oor `n dier gesien nie. "Dis maar net `n hond," het hy vir Boetie gesê. "Jy kan mos `n ander een kry." Maar Boetie was so

verskriklik hartseer, dat Klein-Jan op die ou end ingestem het om vir Mannetjies veearts toe te neem.

Hy het die jeep gaan haal, vir Boetie aangesê om koerantpapier agterin te gooi sodat die bloed nie sy jeep sou bemors nie, en weggery. Boetie het agter by Mannetjies gaan sit, maar Klein-Jan het gesê hy moet uitklim.



Boetie het ontsteld in die donker toegekyk hoe Klein-Jan se agterligte al hoe dowwer word, en uiteindelik wegraak.

Dit was Mannetjies se pynlike tjankgeluidjies wat oor en oor in Boetie se kop gemaal het, wat gemaak het dat hy van vooraf begin huil. Hy het sy trane met die agterkant van sy hand afgevee. Niks in sy lewe, nie eers pakke slae met die sambok wat hy partykeer by Oupa gekry het, het hom ooit laat voel soos nou nie.


"Neem my asseblief na hom toe." Hy kyk na Klein-Jan.

"Ek sal, ek sal," sê Klein-Jan geïrriteerd. "Môre. Hou nou op huil, man!

Die verslaggewer wil `n foto hê van iemand wat darem bly lyk dat hy gered is."

"Ja," stem Oupa saam. "Jy behoort dankbaar te wees jy het nie verdrink nie. Nou staan en tjank jy soos `n klein hondjie."

Boetie moes langs Klein-Jan by die put gaan staan, en Klein-Jan het sy swaar, harige arm om Boetie se skraal skouertjies gesit. Die verslaggewer wou hê hulle moet "cheese" sê.



Farmer rescues boy from drowning in a well

Maar daardie aand het Boetie langs sy dun sponsmatrassie op die vloer gekniel en sy hande inmekaar geklem tot sy kneukels wit word. Hy het deur die venster na die sterrehemel gestaar en met sy hele hart gebid dat God hom sou hoor.

"Asseblief, liewe Here, sorg tog vir Mannetjies en bring hom veilig terug. Asseblief, liewe Here." So het hy oor en oor gebid.

* * *



… die bestuurder van aannemings
moes hom halfpad sleep
en halfpad dra tot agter in
mev. O'Connor se motor.

# Aangeneem



Die son het warm op Mannetjies se pels gebak. In die dynserige landskap van sy droom, verbeel Mannetjies hom dat hy vir Boetie sien – ver weg, anderkant die veld. Hy hou sy kop skeef en luister fyn. Mannetjies maak klein geluidjies van opgewondenheid.

Toe, soos `n resiesperd wat uiteindelik uit sy wegspringplek losgelaat word, trek hy weg en hardloop soos die wind. Met sy ore wat platlê en sy mond wawyd oop in 'n glimlag-groet maak hy huppelspronge deur die droë gras soos Vaalhaas hom eenmaal geleer het.

Hy sidder van blydskap en spring met sy voorpote teen Boetie se bors. Soos in `n stadige filmtoneel, val hulle op die grond neer; hulle rol en gil en kef en gaan tekere van opgewondenheid.

Die meisie se stem dring deur Mannetjies se bewussyn.

“Kyk hoe ruk sy pote! Hy droom!” Sy lag. Mannetjies lig sy kop. Die hitte van die son het hom vaak gemaak. Hy sak weer terug, en maak sy oë toe.

Dis nou al twee jaar dat Mannetjies by hierdie gesin in hulle netjiese voorstedelike huis woon. Net 7 kilometer lê tussen hom en die plaas waar hy en Boetie en die bokke almal een groot familie was. Maar dit kon net sowel aan die ander kant van die wêreld gewees het. Soveel dinge het nou verander.

Daardie tyd het Klein-Jan uiteindelik gemaak soos Boetie gevra het, en hom veearts toe geneem om vir Mannetjies te gaan kuier. Maar Mannetjies was nie meer daar nie. Ná die operasie om die koeël uit Mannetjies se sy te verwyder, is hy na die Dierebeskerming se hondehokke gestuur om gesond te word, waar iemand hom hopelik sou aanneem. Klein-Jan het vir die veearts gesê dat dit `n rondloperhond is.

“Ek soek `n groterige hond,” het mev. O'Connor vir die bestuurder van aannemings by die Dierebeskermings-vereniging gesê. “`n Waghond, eintlik.”

Die bestuurder het vir mev. O'Connor na die kamp geneem waar al die rondloper-, verlore en verwaarloosde honde in draadhokke gehou is. Mev. O'Connor se oog het feitlik onmiddellik op Mannetjies geval. “Wat `n pragtige dier!” het sy uitgeroep. “Hoe het hy hier beland?”

“Ek is nie seker nie,” het die bestuurder geantwoord. “Hy's `n rondloperhond, dink ek. Hy't `n oorlas van homself gemaak op een van die plase.”

“Kyk net die lieflike gesig. Is hy vriendelik?”

“Hy's vriendelik genoeg. Byt ook nie.”

“Ek neem hom!”

Maar Mannetjies wou nêrens gaan nie. Hy het beangs gewag dat die ure, dae en nagte moes omgaan, en vas geglo dat Boetie hom sou kom haal. Of, miskien, soos die vorige keer, hy kans sou kry om te ontsnap.


Nou, terwyl die vrou by sy hok inloop en naderkom, sluip hy na die agterste hoek. Sy strek haar hand na sy kop uit en vryf sy ore. “Hallo,” sê sy. “Hallo Caesar.” Dan sit sy `n halsband en leiband om sy nek, maar die bestuurder van aannemings moes hom halfpad sleep en halfpad dra tot agter by mev. O'Connor se motor.





So het Mannetjies 'Caesar' geword. Die groot, oop ruimtes het plek gemaak vir `n klein voorstedelike tuintjie met netjiese blombeddings en keurig gesnyde grasperke. `n Wit muur met kort, skerp metaalspeke bo-op het hom van die buitewêreld afgesluit. Boetie en die bokke was ver weg.

* * *



Mannetjies het in elke hoekie van die klein tuintjie rondgesnuffel, maar eintlik was daar nie veel om te ruik nie.

# `n Gebroke hart

Mannetjies het in elke hoekie van die klein tuintjie rondgesnuffel, maar eintlik was daar nie veel om te ruik nie.

Gabrielle O'Connor was in die wolke om vir Mannetjies in die tuin te kry toe sy van die skool af kom.

“O, Mammie, wat `n pragtige hond,” het sy uitgeroep. “Slim van Mammie om hom te kies.”



Sy sit haar skooltas neer en praat liefies met Mannetjies. “Hallo. Hallo jou pragtige hondjie.” Sy strek haar hand uit om sy kop en ore te streel.


“Wat dink jy van die naam 'Caesar'?” vra haar ma.

“Hy's mooi genoeg om `n keiser tussen die honde te wees,” lag Gabrielle.

“Goed. Kom ons noem hom 'Caesar'.”

Later het mnr. O'Connor, Gabrielle se pa, by die huis aangekom met `n groot, hout hondehok met `n rooi dakkie, wat hy op die stoep buitekant die voordeur neergesit het. Hy het ook twee nuwe hondebakke saamgebring. Een vir water, en een vir hondekos. Die gesin was bly dat hulle uiteindelik `n waghond gehad het wat hulle huis kon oppas as hulle gaan werk. Mnr. O'Connor het sy elektriese boor gaan haal en `n groot plaat met 'Pasop vir die hond' teen die buitemuur vasgeskroef.

Waar was Boetie? Mannetjies het in elke hoekie van die klein tuintjie rondgesnuffel, maar eintlik was daar nie veel om te ruik nie. In die lang ure wat hy alleen was, het hy op die grasperk gesit, gefrons, sy ore gespits, en goed geluister na die geluide in die straat anderkant die muur. Mense wat verbyloop. Motors wat aanskakel en wegtrek. Hy het op en af langs die hoë tuinmuur begin loop, op en af. Op en af. Hy was bly as die gesin smiddae tuisgekom het, maar hulle het meestal dadelik binnetoe gegaan en daar gebly.



Een nag, met volmaan, het diep herinneringe aan sy voorvaders deur Mannetjies se geheue geflits. `n Verlange en verdriet waarvan hy niks verstaan het nie, het hom oorval, en hy het sy kop na die maan gelig en getjank – lang, oer-oue, smartlike krete. Die ligte in die huis het aangegaan en mnr. O'Connor, in sy slaapklere en pantoffels, het uitgekom en 'n bamboeslat rondgeswaai. “Hou op,” het hy beveel. “Hou op.” Stert tussen die bene het Mannetjies tot by die tuinmuur teruggesluip. Hy het hartseer omgekyk na mnr. O'Connor.




Mnr. O'Connor het by die huis ingegaan, die ligte afgeskakel, en net weer ingekruip toe Boy se gekerm van voor af begin.

Dié keer het mnr. O'Connor by die huis uitgestorm en sy lat dreigend deur die lug geswaai. “Kry nou end, jou onnosele hond,” het hy beveel. “Hou op. Jy gaan die bure wakker maak.”

Mannetjies het na die hoek van die muur geglip, maar mnr. O'Connor het nog steeds nader gekom en die lat deur die lug geswiep om hom te waarsku.

Eers het Mannetjies gekoes. Toe steek hy vierkantig vas met sy nekhare wat rys, en hy kyk die man vol in die gesig, terwyl sy lip wegtrek soos hy tande wys. Mnr. O'Connor tree terug. “Probeer dit net!” het hy gesis. “Durf jy dit net doen.” Toe gaan hy terug in die huis en skel op sy vrou omdat sy so `n “laeklas-hond met gevaarlike neigings” gekies het.



Die volgende dag het Mannetjies heen en weer langs die tuinmuur geloop sonder om aan enigiets te dink. Hy het gesnuif aan die houthek in die tuinmuur. `n Sterk veer het die hek vanself elke keer laat toeklap as iemand daardeur loop. As Gabrielle smiddae van die skool af kom, was Mannetjies so bly om haar te sien dat hy haar met `n swaaiende stert en laggende bek gegroet het. Partykeer het hy `n effense snuifie van Boetie gekry as Gabrielle by die huis kom. Hy kon dit nie verstaan nie.

Ironies genoeg was Gabrielle en Boetie in dieselfde klas op

die dorpskool, maar hy het net so min van haar lewe geweet as wat sy van hom geweet het. Hoe sou sy ooit kon raai dat haar hond, Caesar, dieselfde een was wat gehelp het om vir Boetie uit die put te red. Almal het daarvan geweet, want Boetie se foto was op die voorblad van die plaaslike koerant.

"As ek smiddae by die huis kom, kan Caesar maar by my in die kamer sit terwyl ek huiswerk doen?" het sy eendag vir haar ma gevra.

Maar haar ma het haar kop geskud. "Jy weet jou pa hou nie van hondehare in die huis nie," het sy gesê.

Die maande het verbygegaan en die dae het vir Mannetjies al hoe langer en eensamer geword. Hoewel Gabrielle en haar ma altyd goed was vir hom, het mnr. O'Connor gesê hy hou nie van die hond nie en hom heeltemal geïgnoreer.

Mannetjies se mooi geoefende spiere het hulle vorm begin verloor. Hy het net op en af langs die muur geloop en geslaap. Die seisoene het gekom en gegaan, maar Mannetjies het nooit in die hondehok geslaap nie. Hy het vir hom `n vlak lêplek in die sand teen die tuinmuur uitgehol en sy stert om sy snoet gedraai om die ergste winterkoue uit te hou.

Een lentemiddag het hy in die sagte sonlig gelê en slaap toe `n bekende krapperige klank tot sy bewussyn deurdring. Soos blits het Mannetjies op sy pote gespring en sy ore gespits. Hoe goed het hy daardie geluid nie geken nie. Met net twee spronge was hy bo-op die hopie

sand wat besig was om op te stoot. Soos `n ware kenner het hy gegrawe om die mol op te spoor, hom in sy kake beetgekry, elke bietjie lewe uit hom geskud en teruggeloop na die stukkie groen gras om sy smaaklike maaltyd te verorber.

Maar toe Gabrielle tuiskom, was sy heeltemal verslae oor wat sy daar aantref. “O my goeiste, Caesar,” het sy uitgeroep. Pa gaan woedend wees vir jou. Kyk wat het jy met sy blombedding aangevang!”

Sy het gekniel en die verlepte blomme in die grond gedruk, en toe water gegee, in die hoop dat hulle genoeg sou opfris sodat haar pa niks agterkom nie.



Later het sy stilletjies vir haar ma gaan vertel wat Caesar in die blombedding aangerig het. Mev. O'Connor het gaan kyk. “O, my goeiste. Waarom op aarde het die hond dit gedoen!” het sy uitgeroep. Mnr. O'Connor het by die huis uitgekom. “Wat's fout?” het hy gevra.

Gabrielle het langs Mannetjies gestaan, en ingedagte haar

hand beskermend op sy rug gesit. Mannetjies het besef iets was verkeerd. Hy het net gestaan en kyk, en nie verstaan waarom die atmosfeer so skielik met woede en angs gelaai was nie. Hy het klein angsgeluidjies gemaak.

Die gedagte aan wat Gabrielle daarna moes aanskou, sou haar vir die res van haar lewe laat ril. Dit was asof `n swart wolk oor haar pa se gesig gesak het. Gabrielle het daardie gesig geken. As hy só gelyk het, het sy geweet hy sou haar ma slaan voor die dag om is, en haar haar ma sou haar gille smoor sodat die bure nie hoor nie.

Verskrik het sy toegekyk. Sonder `n woord het haar pa die huis ingestorm en met sy lat te voorskyn gekom. Gabrielle se hart het in haar keel geklop. "Pappie, moenie. Pappie, moet asseblief nie." Maar haar pa het vir Mannetjies aan sy leerband gegryp, hom gesleep tot waar hy die mol uitgegrawe het, sy halsband gewring om hom te ver-smoor, en hom genadeloos begin slaan. Gabrielle het haar ore toegedruk en begin skree. Sy het geskree en geskree tot mev. O'Connor haar aan die arm by die huis ingetrek en die deur toegemaak het.

Toe die vreesbevange verstikking en getjank van Mannetjies uiteindelik ophou, het Gabrielle op haar knieë neergesak en gesnik. Mannetjies se pyn en vrees was haar skuld, het sy gedink. As sy nie vir haar ma vertel het wat Mannetjies gedoen het nie, sou haar pa dit dalk nooit eers agtergekom het nie. Sy het gewens sy kon haar liggaam oor Mannetjies s`n gesit het om hom haar pa se verskriklike pak slae te spaar.

Die aand aan tafel was daar `n knop op haar maag.



Sy het gesukkel om haar kos te sluk.

Eindelik het haar ma vir haar gesê om te gaan bad. Gabrielle het gewag dat haar pa hom voor die TV tuismaak voor sy buitentoe geglip het. Sy het vir Mannetjies in die verste hoek van die klein tuintjie gekry. Hy het hom agter `n struik met skerp punte opgekrul. Hy het haar beangs aangekyk, reg om weg te hardloop. Sy het in sy pels gehuil en hom gesoebat om haar te vergewe.

`n Dag of twee later was alles weer normaal in die O'Connor-huishouding. Mev. O'Connor en Gabrielle was dankbaar dat mnr. O'Connor in so `n goeie bui was. Elke dag as sy van die skool kom, het Gabrielle vinnig in die tuin gaan rondkyk. Eers as sy seker was dat Caesar niks omgedol het nie, kon sy weer rustig asemhaal en hom behoorlik groet.

Een oggend, nadat Mannetjies die vorige nag die asblik omgegooi het, en die hele tuin besaai was met verrottende kos en vullis, het Gabrielle tranerig en met `n pyn op haar maag by die skool opgedaag. Sy kon nie op haar skoolwerk konsentreer nie en het kort-kort by die venster uitgekyk.

"Wat is verkeerd, Gabrielle?", het haar onderwyseres vriendelik gevra. Maar Gabrielle het net haar kop geskud. Hoe kon sy toelaat dat enigiemand weet wat haar pa die hond soms aandoen?

Boetie het van die anderkant van die klaskamer na Gabrielle gekyk. Dit was vir hom vreemd dat `n meisie met sulke mooi blink skoene, en `n splinternuwe boektas met sakkies, so treurig kon lyk.

Toe sy daardie dag by die huis kom, het sy dadelik die modderige hondespore teen die wit tuinmuur opgemerk. In die loop van die oggend het Mannetjies tot heel bo teen die muur probeer opspring.

"O my goeiste, Caesar, dit moet jy nie doen nie," het Garbrielle vir hom probeer verduidelik terwyl sy sy kop streel. Sy het gou gehardloop om die tuinslang te gaan haal en die spore af te was. Sê nou haar pa kom vroeg huis toe en sien wat sy doen? Oor en oor het haar pa se woorde in haar kop gespook – "Hoe anders dink jy gaan die hond leer?" Sy het sommer weer begin huil.

Later, toe mnr. O'Connor tuiskom, was die muur silwerskoon en hy het niks agtergekom nie. Maar toe hy ná aandete in die tuin gaan rondstap, het Mannetjies hom





van agter die skerp struik dopgehou. Toe mnr. O'Connor skrams na hom kyk, het Mannetjies sy lip opgetrek en waarskuwend gegrom. "Toe, byt die hand wat jou voed! Probeer dit net, jou vieslike brak," het mnr. O'Connor gemompel.

Mannetjies het vir hom `n nuwe lêplek gemaak. Deesdae slaap hy onder Gabrielle se venster. Hy kan hoor wanneer sy wakker is, en wanneer sy slaap. Gabrielle het dikwels sleg geslaap. Sy het in die bed gelê en wonder hoe sy haar pa se lat kon laat wegraak. Hy het dit agter die voordeur gebêre. Waar kon sy dit wegsteek sodat hy dit nooit weer kry nie?

`n Buurvrou het met die O'Connors kom praat. Sy wou nie moeilikheid maak nie, het sy gesê, maar eerlikwaar, Caesar se aanhoudende oggendgeblaf was besig om `n steurnis in die buurt te word.



Mnr. O'Connor het baie omgekrap gelyk.

Daardie aand aan tafel, sê hy: "Daardie hond was `n mislukking vandat hy die dag sy pote hier gesit het. Dis beter dat ons die dekselse ding laat uitsit. Beter vir hom. En beter vir ons."

"O, moet asseblief nie," het Gabrielle ontsteld geroep. "Asseblief, kom ons probeer ten minste vir hom `n nuwe huis kry."

"Daar is duisende honde wat moet huise kry," kap haar pa terug. "Waar dink jy gaan jy vir hom `n huis kry? Veral met al sy gedragsprobleme. Wie sal hom wil hê? Vat hom sommer môreoggend nog veearts toe," sê hy vir mev. O'Connor.

Maar mev. O'Connor was te verleë om `n gesonde hond by die veearts te laat uitsit.

Die mense sal dalk dink sy was `n slegte eienaar. So is die besluit oor Mannetjies se lot daagliks uitgestel. Miskien môre, het sy elke keer gesê.

* * *



… iewers – onder dieselfde
sterre en onder
dieselfde groot, glansende,
ronde maan – was Mannetjies.

# Verdriet en vreugde

Net `n paar kilometer verder, soos die kraai vlieg, het Boetie en Klein-Jan die laaste sooie grond op Oupa se graf gegooi. Groot-Jan se plaas het sy eie begraafplaas gehad, met verweerde grafstene waarvan party al in die jare 1700 opgerig is. Nou het Oupa langs Ouma gerus, en langs Ouma het Boetie se eie ma gelê wat gesterf het toe hy nog `n baba was.




By Oupa se kop en sy voete het Boetie `n paar blompotte met die lieflikste kammetjies neergesit. Oupa het hulle "freesias" genoem, en dit was sy gunstelingblom.

Jy word nou groot, Boetie," het Klein-Jan gesê terwyl hulle langs die graf staan. "Dis tyd dat jy jou eie geld begin verdien. Jy moet hard werk om jou eksamens te slaag. Jy moet ook die groentetuin by die groot huis oorneem en sommer kyk wat jy nog kan doen vir `n inkomste. En my pa wil vir jou iets sê. Jy moet vanaand jou beste klere aantrek en na die groot huis toe kom.

Sesuur op die kop.

Boetie het sy skoolklere aangetrek en tot by die groot huis geloop. Nog nooit in sy lewe het iemand hom na die groot huis laat kom nie. Grieta het vir Boetie by die kombuisdeur ingewag en sitkamer toe geneem.



“Goeienaand, Boetie,” het Groot-Jan hom vriendelik gegroet. “Sit maar. Maak jou tuis.” Boetie het op die puntjie van`n deftige stoel met `n fyn, groen bekleedsel gaan sit.

“Jou oupa was `n baie goeie man, Boetie,” het Groot-Jan pront gesê en sommer met die deur in die huis geval. “En hy het vir jou iets baie groots gedoen. Voor sy dood het hy vir my kom vra vir besitreg op `n gedeelte van hierdie plaas wat wetlik syne was, omdat die grond geslagte lank aan julle familie behoort het. Dit was jou oupagrootjie s’n

voordat dit deur die regering onteien is. Verstaan jy, Boetie?"



Boetie het geknik, alhoewel hy nie eintlik seker was wat Groot-Jan vir hom probeer sê het nie.

"In elk geval, Boetie, dit kom daarop neer dat grond in die nuwe Suid-Afrika teruggegee behoort te word aan families wat die reg het om dit te erf. Jy weet? Grondhervorming? Verstaan jy? So, Boetie, noudat jou Oupa nie meer daar is nie, word jy die wettige besitter van die grond wat tot daar anderkant die bos loop. Jou oupa het dit in sy testament so aan jou bemaak."

Boetie kon sy ore nie glo nie! Groot-Jan het sy hand uitgesteek om vir Boetie geluk te wens.

"Goed. Wel, dan is dit al," het hy gesê. "Werk hard, Boetie. Boer vooruit op jou grond. Sorg dat jy êrens kom."

Daardie nag, tussen Oupa se blompotte met die geurigste bolplante, het Boetie op die stoepie van die hut gestaan en in die donkerte gestaar sonder om enigiets te sien. Hy het hom daaroor verwonder dat hy nou die trotse eienaar was van die pragtige stuk grond waarop hy grootgeword het. Oupa het kammetjies en kalossies geplant, tjienkerientjees en bobbejaantjies, voordat hy te siek was om uit die bed uit te klim. Boetie het gehoop dat Oupa hulle op een of ander manier kon ruik en hulle kleureprag kon sien van waar hy nou was.

"Dankie, Oupa," het hy in die donker gefluister. "Oupa sal sien… Oupa gaan trots wees op my."

In die dennebos het die tarentale hulle skor aandlied ingesit.



Klara en Heidi het in die ou, lendelam stal gestaan en herkou, en geduldig gewag vir die geboorte van die sneeuwit bababokkies wat op pad was. Oupa se ou stoel was leeg. Uit agting en respek vir die ou man, het Boetie nie daarop gesit nie.Hy sou dit uithou vir Oupa, in geval hy dalk kom 'kuier'. Boetie het geweet hy sou daardie aand nie slaap nie. Vredig en alleen het hy daar op die stoep gebly – `n klein spikkeltjie bewussyn in die magtige heelal.

Hy het geglo daar iewers – onder dieselfde sterre en onder dieselfde groot, glansende, ronde maan – was Mannetjies. Boetie het sy gesig na die hemel gedraai en sy oë toegemaak.

* * *

Mannetjies hardloop deur die strate … onbewus van alles, behalwe die groot verlange wat hom vorentoe dryf.

# Ontsnapping

Mannetjies was rusteloos. Miskien omdat dit volmaan was. Hy het op en af begin loop in die paadjie wat hy langs die tuinmuur uitgetrap het. Gabrielle en haar ouers het al geslaap. Die huis was pikdonker. Die straatlamp het sy lig oor die skerp metaalspeke gekaats wat kruis en dwars oor die bokant van die muur geloop het. Mannetjies het aan die tuinhekkie gekrap. Hy het aan die onderkant van die hekkie begin kou, dit weggeknaag en die splinters witgeverfde hout uitgespoeg.

Vanuit haar kamervenster het Gabrielle met haar flits oor die tuin geskyn.



"O, my goeiste! Caesar, hou op!" het sy gefluister. Sy moes hom keer voor haar pa ook wakker word. Sy het op haar tone tot by die voordeur geloop en buitentoe gegaan. "Caesar", het sy gefluister, "Caesar, hou op!"

Sy het die flits op die vernielde tuinhekkie geskyn. Mannetjies het vlugtig na haar gekyk.

“Hoekom is jy dié tyd van die nag op?” Gabrielle het geskrik toe sy haar pa se stem agter haar hoor. Hy het die buitelig aangeskakel.

“Niks, Pappie,” het sy vinnig gesê. “Ek kyk net iets”.

”Watse iets?” het haar pa gevra.

“Dis niks, Pappie. Regtig. Niks. Ek gaan nou weer slaap.”

Haar pa het by haar verby gesorm om by die venster uit te kyk. Sy het gesien hoe sy gesig vertrek van woede.

“Moenie, Pappie,” het sy gegil. “Moet hom nie seermaak nie, Pappie.”

Mev. O'Connor het nog ge sukkel om haar kamerjas aan te trek terwyl sy aankom. “Wat
gaan aan?” het sy deurmekaar gevra. Gabrielle het begin snik. “Pappie gaan hom slaan,” het sy gegil. “Keer hom, Mammie.”

Mnr. O'Connor het swaar asemgehaal. Hy wou die hond in die motorhuis gaan toemaak waar die bure hom nie kon hoor nie, om hom `n bietjie dissipline te leer.

“Uit my pad uit,” het hy met sy vrou en dogter geraas toe hulle hom soebat om te kalmeer. Maar Gabrielle het by haar pa verby geglip. Sy het met die kort paadjie tot by die tuinhekkie gehardloop, die knip losgemaak en dit wyd

oopgehou.

“Weg is jy, Caesar,” het Gabrielle gehuil. “God sal sorg vir jou, liewe Caesar.”

Jare later sou sy nog onthou dat dit gevoel het asof haar liggaam `n rol in `n toneelstuk speel, en sy alles van `n




afstand dophou. Sy onthou goed hoe Mannetjies teen haar been verby geskuur het op pad straat toe.

Hy het in die lig van die straalamp gaan stilstaan en omgekyk na haar toe. Op daardie oomblik was daar so `n diep band tussen hulle, dat dit haar bewus gemaak het van iets het wat sy nog nooit beleef het nie. Toe haar pa se greep haar aan die skouer terugpluk, het sy vir oulaas `n kykie gekry na Mannetjies wat in die straat afhardloop, die donkerte in. Niks het nou saakgemaak nie, behalwe dat hy van haar pa se woede ontsnap het.

Mannetjies het deur die strate van die slapende voorstad gehardloop. Hy het geen vrees gevoel terwyl hy tussen die

motors met hul verblindende kopligte deurgevleg het nie. Maar toe het `n motor hom gestamp. Hy het gestrompel en geval, maar geen pyn gevoel nie. Hy het regop gebeur, maar nie geweet dat sy agterpoot sleep en `n bloedspoor agterlaat nie; hy was onbewus van alles, behalwe die groot verlange wat hom vorentoe gedryf het.


Toe hy uiteindelik by die veld kom, het hy die dennebome en die fisant-eiers geruik. Hy het diep asem ingetrek en op die grond inmekaar gestort. Hy het geaarsel. Vir die eerste keer het hy brandpyn in sy poot gevoel. Hy was verbaas oor die streep nat hare wat in die maanlig teen sy been



geblink het. Hy het die diep sny in sy dy gelek en die bloed probeer oplek wat aanhoudend uit die wond gestroom het. Hy het ontsettend moeg gevoel en neergesak om te slaap.

In die maanlig het iets sy oog gevang. Daar, doer in die lang gras, het hy hom verbeel hy sien vir Vaalhaas.

Mannetjies het gesukkel om regop te kom.
Hy het gefrons. Sowaar, in `n skrefie maanlig het hy gesien hoe Vaalhaas soos die wind hardloop, heen en weer spring, en kort-kort weer wegraak.



Mannetjies het bewerig op sy pote gekom. Sy kop het dronk gevoel. Vaalhaas het gestop en omgekyk na hom toe, asof hy gewag het dat Mannetjies hom moet jaag. Toe pyl Vaalhaas weer oor die veld om vir Mannetjies te terg en te treiter, en hom uit te daag om soos die wind te hardloop.

* * *

… naby die dennebome sien
hy `n verweerde hond …

# Voetseer

Die oggendster het alleen in die lug gehang. Op oom Groot-Jan se plaas het die hane op hulle tone gestaan en kraai. Voëlsang het die bome gevul. Hadida's het in die lug na mekaar geroep, op pad na hulle voerplekke vir die nuwe dag. Boetie was al hard aan die werk. Hy het die bokke se stal gevee en hulle oggendkos gegee. Nou, tuinvurk in die hand, was hy fluks besig om die kompos-hoop agter die hut om te dol. Hy het terug gestaan om te kyk hoe die stoom van die komposhoop in die koel oggendlug optrek.

Toe hy nog `n pikkie was, het Oupa eendag vir hom gesê om sy arm in die kompos te steek. Oupa het nog gelag toe hy dit soos blits uittrek en skree "Jissie, dis kokend warm, Oupa!" Terwyl hy so staan, het hy net mooi herinneringe aan sy Oupa.

Vir Oupa het skatgrawe beteken dat jy hom help aartappels uithaal, sonder om een van hulle te beskadig



omdat jy nie kyk wat jy doen nie. In die dae toe Ouma nog geleef het, het Oupa `n goeie humorsin gehad. Dis eers daarna dat hy so buierig en nors geraak het.

Boetie het gewens hy kon iets doen om sy oupa se ou, verkrimpte hande en voete warm te hou toe hy die laaste paar dae van sy lewe in die bed was. Hulle was altyd yskoud, selfs met Boetie se enigste kombers bo-oor. Nou, terwyl hy weer die kompos omkeer, weet hy dat hy al die brokkies kennis wat Oupa oor die jare aan hom oorgedra het, gaan gebruik om te sorg dat die hele dorp oor hierdie pragtige plaas van hom praat.

Klara en Heidi het geblêr. Boetie het opgekyk. Hy het daardie geblêr verstaan. Dis `n soort groet. Boetie het probeer agterkom waarna hulle so staar.

Daar oorkant in die verte, naby die dennebome, het `n verfomfaaide hond hinkepink na hom toe aangehardloop.




Boetie het die tuinvurk neergegooi. Hy kon sy oë nie glo nie, en het begin hardloop. Al hoe vinniger. “Mannetjies?” het hy geroep. “Mannetjies?”

Mannetjies het `n hartverskeurende tjank-groet gegee wat oorloop van emosie – soos `n jodel wat deur die vars lug skeur. Boetie het gehardloop. Mannetjies het nader gestrompel. Toe was Boetie by hom. Hy het op sy knieë in die sanderige grond afgesak, terwyl hy die hond na sy sy bors toe getrek en sy gesig in Mannetjies se hare begrawe het. Hy het hom vasgehou, vertroetel, en sê sy naam oor en oor gesê.

Toe, baie versigtig, het hy vir Mannetjies in sy arms gelig en hom huis toe gedra.

Die einde



Louise van der Merwe

Managing Trustee | The Humane Education Trust

Director | Nature-Based Education  Cape Town, South Africa

Mobile | 082 457 9177

Email | education@naturebased.online

Website | www.naturebased.education

Proudly a member of the World Link Coalition